# *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag En Tot In Ewigheid*

Dankie, meneer.

2 Baie lekker om weer hier te wees vanmiddag, na ons so 'n wonderlike tyd gehad het vanmôre in gemeenskap rondom die Woord van die Here. Ons is bly vir ons besoek weer terug by julle goeie mense hier in—in die prêrie.

3 En vanmôre het ons gepraat oor die onderwerp van prestasie, en *God Se Voorsiende Weg*. En ek het vir hulle vertel wat in die klas was vanmôre, dat mense iets vir hulleself probeer bereik, altyd, iets wat hulle kan sê: "Ek het *dit* gedoen," of: "Ek het *dat* gedoen."

4 En ons het gepraat van die onderwerp van hoe wonderlik dit sou wees, hoe die nuus oor die hele wêreld sou flits binne 'n paar oomblikke, as mense 'n manier kon vind om die reën te beheer, om dit op die oeste te sit of dit van die oeste af te haal; of hoedat as hulle 'n medisyne iewers kon kry, 'n ou man weer jonk sou maak, en 'n vrou weer jonk, en vir ewig lewe, wel, hulle sou—hulle sou nuus oral heen stuur. Hulle probeer dit bereik, maar dit is alreeds bereik. Christus het dit vir ons gedoen. En Hy is God se Prestasie vir ons, en ons moet Hom glo.

5 Nou, hierdie dienste moet nie wees . . . Partymaal word hulle Goddelike genesingsdienste genoem. Nou, ek glo nie dat daar enige mens is wat mense kan genees nie. Ek glo dat genesing gedoen word deur geloof in Christus, soos verlossing. Daar is niemand wat ons sondes kan vergewe nie. Hulle is alreeds vergewe. Christus het die wêreld gered van sonde toe Hy op Gólgota gesterf het. Dit sal jou glad nie baat as jy dit nie ontvang as jou eie persoonlike gawe nie. En dis hoe dit is met genesing. Alles wat God kon doen vir die siekes en beproefdes, Hy het dit gedoen toe Hy op Gólgota gesterf het. En nou, Hy het dit vir ons gekoop, dit was Sy prestasie, nou, maar om dit te ontvang, moet ons dit aanvaar as ons eie persoonlike eiendom, verlossing.

6 Ek mag vandag vra: "Hoeveel van julle mense is tien jaar gelede gered?" Baie hande sou opgaan. "Hoeveel is verlede jaar gered?" Hande sou opgaan. Maar julle sien, jy is nie tien jaar gelede, of verlede jaar gered nie, jy is negentienhonderd jaar gelede gered, jy het dit tien jaar gelede aanvaar, of—of wanneer jy ook al het.

7 Nou, dis alreeds ’n voltooide werk. Die Bybel het gesê: “Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” Sien? Dis ’n verlede tyd, iets wat gedoen is. So eenvoudig, en tog is Goddelike genesing een van die groot meesterstukke van die Bybel, die meesterstukke van God wat aan die Christen Kerk gegee is, wat lankal vergete is, lank gelede. Maar dis iets wat aan ons behoort, dis iets, dis jou persoonlike eiendom.

8 En nou, om te sê dat dit nie so is nie, hulle het te laat gekom daarvoor. Maar ek het omtrent sewe reise om die wêreld gemaak, en ek het dit in elke nasie gesien, tienduisende blindes, dowes, stommes, beproefdes, kankers, gewasse, melaatsheid, en wat selfs dood was, en doktersverklarings uitgeskryf, dood was vir ure, en weer lewendig opgestaan het. So nou daardie kan net nie nét ’n verklaring wees nie, ons sal dit nie so aanvaar nie, die dokter moet so sê, sien. Dit moet ’n egte verklaring wees voor ons dit kan publiseer.

9 En daar’s tienduisende wat nooit gepubliseer is nie, want ek hou nie baie daarvan om dinge te publiseer nie, behalwe as dit net onder onsself is. Jesus het op een plek gesê: “Moenie enigiemand daarvan vertel nie. Gaan net aan en gee die eer aan God.” So ek dink vandag, ons lê te veel klem op publikasies en iets wat pronk.

10 Maar Christus is nie ’n windmakerig nie, Hy is die Seun van God, nederig. Hoe kan mense glo tensy hulle verordineer is om te glo? Daar was baie mense in Sy dae wat dit nie geglo het nie, maar Hy het na hulle gekom wat dit wel geglo het.

11 ’n Tyd gelede het ’n man vir my gesê. . . het ’n artikel gelees, en gesê die. . . van ’n babatjie onder in Mexiko wat gesterf het in die diens, of, daardie oggend omtrent nege-uur gesterf het, en dit was elfuur daardie aand, en die dokter het die verklaring geteken dat hy die baba om nege-uur daardie oggend dood verklaar het, en elfuur daardie aand was dit lewendig. Ek het daarvoor gebid daar, na ek ’n visioen gesien het, en gebid en hande gelê op die babatjie voor omtrent, o, vyftig, of vyf-en-sewentigduisend mense, en die babatjie het begin skop en skree, en lewendig geword, en lewe vandag, sover ek weet. Die dokter het ’n verklaring daarvan onderteken.

12 En so dis omtrent vyf keer wat ek gesien het dat so-iets gedoen is. En so het die man vir my gesê: “Ek gaan dit opsoek om te sien of dit reg is.”

Ek het gesê: “Ek sal jou die moeite spaar, *hier* is die dokter se verklaring.”

13 Hy het gesê: “As—as jy kan opstaan, as—as jy gaan en bid vir duisende en hulle sal opstaan uit die dood, of, en die kanker,” het hy gesê: “glo ek dit nog steeds nie.”

14 Ek het gesê: "Beslis nie, dit is nie vir ongelowiges nie, dis net vir hulle wat glo." Dit—dis reg, is dit nie? Reg. Hy kan net werk met hulle wat glo.

15 En daar is net een, ongeloof, laat ons dit in ons gedagte hou, daar is net een sonde. Nou drink, dobbel, owerspel pleeg, godslaterlike goed sê, dit is nie sonde nie, dis die eienskappe van ongeloof. Jesus het gesê: "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel."

16 In die dae van ons Here, het Hy baie manne gevind wat heilige lewens gelei het, skoon, eerbare manne, en hulle was geleerdes, meesterstukke van geleerdheid. En tog, het Hy vir hulle gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel," omdat hulle Hom nie geglo het nie. Sien? Die Boodskap, hulle het nie geglo nie, wat hulle ongelowiges gemaak het. Hy kon hulle nie help nie. In Sy eie land was daar baie wat Hy nie kon help nie, as gevolg van ongeloof. So Hy kon jou nie in ongeloof red nie, ook kan Hy jou nie in ongeloof genees nie. Jy . . . Dis—dis net so eenvoudig soos: "Glo dit net."

17 Nou, voor jy enigiets kan glo moet jy een of ander soort van 'n begrip hê van wat jy glo, en waarom. Ek glo nie dat God mense genees net om Sy krag te wys om te genees nie. Ek glo Hy genees mense om te wys dat Hy Sy Woord vervul en Sy beloftes hou. Toe Hy die eerste keer op aarde gekom het, het Hy gesê dat Hy dit gedoen het, "dat vervul mag word wat deur die profeet gespreek is." Die hele Woord van God moet vervul word, alles Daarvan.

18 Toe Jesus op Gólgota gesterf het, weet ons Sy Siel het hel toe gegaan, Sy liggaam het na die graf gegaan, Sy Gees het na God toe gegaan. By Gólgota het Hy gesê: "In U hande gee Ek My Gees oor." En Sy Gees het na God, die Vader, in Sy hande ingegaan.

19 Die Bybel het gesê Sy Siel, Hy het hel toe gegaan en gepreek vir die—die—diegene, wat in die tronk was, wat hulle nie bekeer het in die lankmoedigheid van die dae van Noag nie.

20 Sy liggaam, weet ons, het hulle weggesit in 'n graf en dit verseël met 'n—met 'n rots, groot steen is toegerol, en verseël. Dan, Jesus Self, Sy Gees, wat elkeen van julle is, dit was die Gees van God in Hom, maar agter 'n skans, soos *hierdie*, die Woord van God wat wag om vervul te word. Hy kon nie opstaan tot die derde dag nie, want Dawid het gesê: "Ek sal nie Sy siel in die hel los nie, en Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie." Ons weet almal dat verderwing in die menslike liggaam begin intree binne twee-en-sewentig uur.

21 Nou, Hy het geweet, een of ander tyd binne daardie twee-en-sewentig uur, dat Hy moet opstaan uit die dood, want Hy het vir hulle gesê: "Vernietig hierdie liggaam, Ek sal dit weer oprig binne drie dae." Sien? "Breek dit . . . vernietig hierdie tempel, Ek sal dit oprig, dit binne drie dae oprig."

22 Nou sien, om te behou en die Woord van God te vervul, was Hy agter die Woord van God met 'n belofte totdat daardie hele drie dae vervul was. Na die derde dag, is die muur afgebreek, op daardie oggend, toe die tyd vervul is, Sy Gees wat van God af neergedaal het, afgekom het na die graf, het Sy liggaam opgerig, die seëls van die dood, die hel, en die graf gebreek, en lewendig opgestaan vir ewig.

23 Nou, is Hy lewendig vandag, Siel, liggaam, en Gees, Hy is lewendig. Dis die tema van ons konvensies, altyd, is "Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

24 Nou, op grond hiervan, en ek wil nie hê enigiemand moet sê: "Broer Branham, 'n Goddelike geneser," nie, want ek glo nie daar's so-iets nie, ek glo wel dat Christus die Geneser is, en ek glo dat Hy ons genees het: "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

25 En baiekeer, daar is geen twyfel dat ons 'n mengsel het hier in hierdie kerkie vanmiddag, waarskynlik van alle verskillende denominasies, sommige, of, baie verskillende denominasies, moes ek gesê het: baie van hulle, miskien, is geleer teen Goddelike genesing. En baiekeer manne wat daarteen leer, sonder om te weet wat hulle doen, tog, hulle het, hulle maak die verkeerde opvatting, omdat dit verkeerd voorgestel is. Partymaal kan die waarheid verkeerd voorgestel word en die waarheid net geruïneer word.

26 Maar Goddelike genesing is korrek, dis God se Woord. So daarom, moet ons ons geloof baseer op Sy Woord. Sien? Nou, daar is, en dan, dis iets wat gedoen is, iets wat Christus alreeds vir ons gedoen het.

27 Nou, onthou, ons glo dit: dat God se Woord vervul moet word; dat Dit is, God Self oneindig is; Hy onfeilbaar is; Hy alomteenwoordig is, alwetend, almagtig, en oneindig; as Hy nie is nie, dan is Hy nie God nie; en as Hy *dit* is, dan het Hy die einde van die begin af geken. Voor daar 'n wêreld was, het Hy geweet ons sou vanmiddag hier vergader wees, as Hy oneindig is. Hy het geweet waaraan jy in jou hart dink, voor die wêreld ooit begin het, Hy het geweet waaraan jy op hierdie oomblik sou dink. Hy het geweet van elke muggie wat op die aarde sou wees, elke keer wat dit sy oë sou knip. Dis wat oneindig beteken.

28 En as Hy nie oneindig is nie, dan is Hy nie God nie. Sien? So ons moet onthou dat ons nie te doen het met iets in—in tyd en ruimte soos *ons* is, eindig nie, ons het te doen met Iets wat oneindig is. En as Hierdie die Woord van God is, dan is Dit net so oneindig as wat God oneindig is. Sien? Daar het julle dit. Jy moet geloof in die Woord hê, dis die enigste manier wat Dit sal werk.

29 En God se Woord is 'n Saad. En julle boere hier, julle weet as julle 'n saad in die grond sit en reg daarna kyk, as dit in die regte

soort grond is, sal dit voortbring wat die saad is. En God se Woord is ’n Saad, en as jy Dit in die regte soort grond van geloof plaas, en Dit reg behandel, sal Dit voortbring net wat Dit is. As Dit vir genesing is, sal Dit genesing voortbring; verlossing, verlossing; vreugde, vreugde. En elke belofte in die Bybel is waar.

30 En onthou net, julle kan my aanspreeklik hou hiervoor, dat die regte denkwyse teenoor enige Goddelike belofte van God, dit sal laat gebeur, as jy die regte gesindheid teenoor daardie belofte kan hê.

31 Nou, die Bybel het gesê: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.” Dan as die Woord God *was*, dan is Dit *steeds* God.

32 Nou, geen mens is beter as sy woord nie. As julle nie my woord kan vat nie, dan sal ek—ek nooit ’n. . . ’n vriend van julle kan wees nie. En as ek nie jou woord kon vat nie, kon ek jou nie vertrou nie. Maar wanneer ons mekaar op ons woord kan vat, ons kan glo! Nou, dis wat jy met God maak.

33 En geen mens is beter as sy woord nie. As jy ’n belofte maak, moet jy dit altyd hou, of die rede gee waarom jy nie kan nie, hulle laat weet, want ’n man se woord is sy band.

34 En God se Woord is Sy Band. As God nie Sy Woord hou nie, dan is dit nie die Woord van God nie. Maar as Hy wel Sy Woord hou, dan is Hy God in Sy Woord. God is steeds in Sy Woord. En wanneer Sy Woord in jou inkom, dan word jou woord Sy Woord, dis wat dit laat gebeur, wat jy ook al gevra het. Net so eenvoudig soos dit.

35 God is ’n Skepper. God het alles geskep. Alle goeie dinge kom van God; en verkeerde dinge, bose dinge, is die regte ding wat verdraai is.

36 Nou, Satan kan nie skep nie, daarom kan Satan nie genees nie. En daar’s nie ’n medisyne in die wêreld wat jou kan genees nie. Geen dokter sal vir jou sê dat hy ’n medisyne het wat jou sal genees nie.

37 En ek mag dit sê: Ons is nie teen dokters nie. Ons is dankbaar vir dokters en vir hulle medisyne. Maar ons lewe in die dag wanneer ons die beste dokters het wat ons ooit gehad het, die beste medisyne wat ons ooit gehad het, die beste hospitale wat ons ooit gehad het, en meer siekte as wat ons ooit gehad het, want ons het meer ongeloof as wat ons ooit gehad het. Dis net die—die storie daarvan.

38 Ek het ’n onderhoud gehad met Johns Hopkins, Mayo Broers; julle weet hoe ’n bediening soos hierdie rondgaan. En Jimmy Mayo en hulle, hulle het gesê: “Ons sê nie ons is genesers nie, Broer Branham, ons sê ons help die natuur. Daar’s een Geneser, dit is God,” gesê: “ons kan ’n tand uithaal, maar wie sal die plek

genees waar dit uitgekom het? Ons kan 'n blindederm uithaal, maar wie genees? Iets moet skep."

39 Hier, as ek my hand sny vanmiddag, en, ons het nie 'n medisyne in die hele mediese wetenskap om daardie messny in my hand te genees nie, nie een nie. "Wel," sê julle: "ja, ons het, Broer Branham."

Sê my asseblief wat dit is. Ja, meneer. Baie mense sterf van messnye. Sien? Sê vir my wat die genesing is.

"Wel," sou jy sê: "Wel, hulle sit penisillien daarin."

Penisillien genees nie, hou net skoon terwyl God genees.

"Wel," sê jy: "wel . . ."

Enige me-. . . enige medisyne, wat 'n messny genees wat in my hand gesny is, sou 'n messny genees wat in my jas gesny is, dit sou 'n messny op hierdie lessenaar genees.

"Wel," sou jy sê: "Broer Branham, medisyne is nie gemaak vir jou jas of jou lessenaar nie, dit is gemaak vir jou liggaam."

40 Wel, miskien dan, sou ek my hand sny vanmiddag en dood neerval. En jy neem my hieronder na die lykshuis, en, die ondernemer se plek, en daar sou hulle my liggaam balsem met 'n vloeistof, my natuurlik sou laat lyk vir vyftig jaar. Jy gee my elke dag 'n inspuiting penisillien. Laat die beste dokters kom van Engeland, Duitsland, van waar hulle ook al wil, en my vir vyftig jaar dokter. Daardie messny sal net presies wees soos dit gesny is die heel eerste dag.

41 Nou, as medisyne gemaak is om die menslike liggaam te genees, waarom genees dit dit nie? Sien? Dan is medisyne nie gemaak om die menslike liggaam of niks te genees nie.

42 Nou, jy sê: "Wel, Broer Branham, die lewe het uit jou liggaam uitgegaan." Nou, is ons by die punt. Nou, wie is dan die geneser, medisyne of lewe? En jy vir my sê wat lewe is, sal ek jou wys wat God is, sien, want God is Lewe. Sien? Medisyne ontwikkel nie selle nie.

43 As ek my arm gebreek het, hierbuite aan my motor gewerk het, en ek het hier na die dokter toe gehardloop, wat die logiese ding sou wees om te doen, en sê, nou, maar dit sou nie logies wees nie: Ek sou sê: "Dokter, sê, genees my arm sommer gou, meneer, ek moet my motor klaarmaak vanmiddag."

Hy sou na my kyk en sê: "Wat het jy gesê, Mnr. Branham?"

"Genees my arm, meneer. Jy's 'n geneser, is jy nie? Genees my arm sodat ek my motor kan regmaak."

Wel, hy sou sê: "Jy het verstandelike genesing nodig." En dit sou waar wees. Sien?

44 Hy kon nie my arm genees nie, maar hy kon dit plaas waar God dit kon genees. Hy kan nie kalsium en—en lewe maak om

daardie been te heg nie. Daarom, die dokter, met sy insig, sit 'n been op sy plek, maar God doen die genesing. Sien?

45 Psalms 103:3, het hy gesê: "Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie: Wat al jou ongeregtigheid vergewe, Wat al jou krankhede genees." So die Woord van God kan nooit faal nie. God is die Geneser, jy moet . . . ons moet dit altyd in gedagte hou, God is die Geneser.

46 En nou aan ons in hierdie uur, net voor die naderende koms van ons Here Jesus . . . En soos ek vanmôre gesê het, my doel hier was 'n vakansietjie. Party van die broers gaan my hier opneem om te gaan visvang na die dienste verby is, en om te gaan jag. Ek was nou ses maande op die veld, sonder rus. Ek is uitgeput, moeg. En miskien nou, dadelik, sal ek weer oorsee vertrek.

47 En nou, op pad hierdeur, nadat ek julle eenkeer besoek het, het ek gedink dit sou nie goed wees om verby hierdie goeie groep mense hier te gaan en nie ons Here te probeer eer nie, en om julle gemeenskap te geniet, en om te doen wat ons kon om ons dinge bymekaar te sit om weer na ons Here Jesus in ons midde te kyk. So dis hoekom ek hier is vir hierdie drie aande, of, drie dae, is om gemeenskap te hou met julle oor Christus, en met my broers hier, oor die dinge van Christus. En nou, daar kan 'n groot ding hier gebeur as ons net ons gedagtes op God se Woord en God se belofte sal plaas. Hê geloof.

48 Julle mans hier, wat getroud is, waarom het julle met julle vroue getrou? Jy het vertroue en geloof gehad dat sy 'n ware vrou en moeder sou maak, sovoorts. Vroue, net so met julle mans, op dieselfde manier. Verliefdes wat dink aan trou, jy ondersoek die man met wie jy sal trou, of die meisie met wie jy sal trou. Jy moet geloof in hulle hê, of jy beter nie met hulle trou nie. Sien?

49 Wel, dis net soos dit is met Christus. Ons ondersoek hier, en ons moet geloof hê in waarvoor ons kom, want onthou, alle verlossingsseëninge is alreeds gekoop. Kan ons dit glo met ons hele hart? dat al die verlossingsseëninge gekoop is, God het dit vir ons bereik deur Gólgota, met Jesus Christus.

50 Jesus het vir die Vader gesê: "Dit is volbring." Wat is klaar? Die hele plan van verlossing, alles is voltooi: "al die beloftes wat Ek gemaak het," die—die deposito word voor God geplaas, dat alle sondes vergewe is, en ons is terug uit die slawemark, en almal is verlos. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dis alles klaar.

51 Nou, wil ek die Woord nader vir 'n paar oomblikke. En voor ons dit doen, laat ons die Outeur van die Woord nader, soos ons ons hoofde buig vir gebed.

52 Mees Genadige en Glorieryke Heilige Vader, die Almagtige God, Wat weer die Here Jesus uit die dood gebring het, Hom

opgewek het, en Hom aan ons aangebied het, 'n lewende Wese, die Seun van God, en vir negentienhonderd jaar, saam met Sy mense op die aarde gewandel het, ons is so bly vandag, in hierdie groot tragiese tyd wanneer ons vertel word dat hulle gevind het, uit die navorsing, missiele wat die aarde sal opblaas, en omtrent elke nasie het hulle, in die wete dat dit presies pas by die Woord van God vir hierdie laaste dag. Dan sien ons die . . . daardie dinge, en nasies, sondige nasies, goddelose nasies het daardie wapens, omtrent enige tyd wat daar 'n ontploffing kon wees, of in die radar kon missiele gevang word wat van 'n sekere volk af kom, dan sal hulle almal hulle missiele loslaat. Die wêreld kon dit nie oorleef nie.

53 Dan weet ons dit kan voor die oggend gebeur. Maar voor dit gebeur, word ons vertel dat Jesus sal kom om Sy mense te ontvang, want Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag . . . " Net voor die vernietiging van die wêreld, het Noag in die ark ingegaan, voor die reën geval het.

54 En soos dit was in die dae van Lot, het die Engel gesê: "Maak gou, kom gou, kom hier uit, want Ek kan niks doen voordat jy daaruit gekom het nie." En Lot het uit Sodom uitgegaan, en toe het die Vuur geval, en Sodom was heeltemal vernietig, en lê vandag op die bodem van die Dooie See. En Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag en in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

55 En dan, as ons kan sien (En die wetenskap sê dat dit drie minute voor middernag is.) dat die wêreld nie hierdie ure kan oorleef wat vir ons voorlê nie, en ons weet dit kan op enige tyd gebeur, hoe naby is die koms van ons Here dan?

56 O God, hierdie drie dienste wat opkom, bid ons dat U hierdie prêrietjie sal skud soos dit nog nooit tevore geskud is nie. Gee dat elke kerk 'n herlewing sal hê, hier deur die prêrie, baie van hierdie kosbare mense, hierdie Skandinawiërs en wat nog, buite deur hierdie prêries hier, na Christus gebring sal word, dat wanneer Jesus wel verskyn, dat die grafte sal oopgaan en ons sal uitkom, en ingaan om Hom te ontmoet, en vir altyd by Hom te wees, want wat meer het ons op die aarde om na uit te sien, behalwe Sy koms?

57 Nou, Vader, vertrou onsself toe aan U vanmiddag, en hierdie gehoor, seën ons saam, en mag die gemeenskap groot wees volgens die Woord van God.

58 En wanneer die diens verby is, en ons staan om die seën uit te spreek, en ons na ons verskillende huise toe gaan, party buite op die prêrie, en party onder in die stad, en—en verskillende plekke, en terug na die motelle en hotelle, mag ons sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het op daardie opstandingsmôre, toe U heeldag saam met hulle gewandel het en hulle U nie geken het nie, U het die Woord van God aan hulle uitgelê, en steeds het

hulle U nie geken nie (Baie kere, het hierdie kosbare boere en geliefdes net die dood voor die deur gesien, en miskien het hulle nie herken dat dit U was wat dit gedoen het, hulle lewe gespaar het nie.), maar hulle het gesê, wat van Emmaüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Mag ons dieselfde sê. Mag die glorieryke, herrese Jesus onder ons kom vanmiddag en ons wys dat Hy steeds lewendig is, en ons liefhet, en ontmoet waar ook al twee of drie bymekaar is. Ons vra dit, in Jesus Christus' Naam. Amen.

59 Nou, wil ek graag 'n Skrif lees wat gevind word in die Boek van Johannes 12:20:

> *En daar was sekere Grieke onder hulle wat opgekom het om op die fees te aanbid:*
>
> *Hy het toe na Filippus gekom, wat van Betsáida in Galiléa was, en hom gevra en gesê,* Menere*, ons wil Jesus graag sien.*

60 En dan neem ek graag my teks uit Hebreërs 13:8, *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid*. Nou, onthou, ek kwoteer God se Heilige Woord.

61 En ek glo dat daardie Grieke, daardie dag, hulle vraag gepas het by ons begeerte vandag. Hulle het van Jesus gehoor, en niemand kan ooit van Hom hoor, of jy wil Hom graag sien nie. As ek vanmiddag kon sê: "Hoeveel in hierdie gebou sou graag vir Jesus wou sien?" Ek veronderstel elke hand sou opgaan. Laat ons sien, hoeveel wil Jesus graag sien? Wel, dis wonderlik. Dankie.

62 Ek glo dat elkeen wat ooit van Hom hoor, verlang om Hom te sien, want Hy is anders as enigiemand anders. Daar was nooit 'n man soos Hy nie, en sal nooit een wees nie. Daar was iets anders as die filosowe, van die Griekse geleerdes van daardie dag. Daar was iets anders as die kerk en die tradisie van die Jode.

63 Jesus, sover ons weet, het geen aardse geleerdheid gehad nie. Die Apostel Petrus, nie een van die groot Bybel teolo-. . ., of, dissipels, het geleerdheid gehad nie, behalwe die Apostel Paulus. En hy het vir ons gesê dat hy alles moes vergeet wat hy ooit geweet het om Jesus te ken. En toe het hy gesê, weer: "Ek het nooit na julle gekom met aanloklike woorde van mense, dat julle geloof daarin sou wees nie," met ander woorde: "intellektuele begrippe van mense nie, maar Ek kom na julle toe in die krag en manifestasies van die Heilige Gees, dat julle geloof in God sal wees."

64 Ons vind die Apostel Petrus het nie genoeg geleerdheid gehad om sy eie naam te teken nie, tog het Jesus vir hom die sleutels van die Koninkryk gegee. Jakobus en, of, Petrus en Johannes, wat deur die Skone poort gegaan het, "Hulle het besef dat hulle onkundige en ongeleerde mense was, maar hulle het ag geslaan op hulle, in die wete dat hulle by Jesus was."

65 So dis die ding waarna ons vandag kyk, is om te wees en te assosieer met Jesus. En as jy ooit met Hom assosieer, sal jy nooit weer dieselfde wees nie. Dis waar. Jy kan nooit dieselfde persoon wees nadat jy eenmaal met Jesus geassosieer het nie.

66 Nou, ons praat van hierdie groot Persoon van Christus, wat God in vlees was. Ons—ons praat van Hom wat so 'n groot Persoon is dat niemand op aarde ooit soos Hy was of ooit kon wees nie. Maar dan wonder ons wat met hierdie Persoon gebeur het. Waar is Hy? Wat het van Hom geword?

67 Nou, baiekeer probeer ons, deur...met...met ongeloof, om te verduidelik dat Sy dae verby is, maar dit sal nie die Skrifte vervul wat gesê het Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie. En dan, as julle verlange vandag, dieselfde verlange is wat hierdie Grieke s'n was: "Menere, ons wil Jesus graag sien," en hulle daardie voorreg gegun is, hulle Hom kon sien, dan, as *ons* verlang om Jesus te sien, en as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, waarom kan *ons* dan nie daardie verlange gegee word nie?

68 Ek glo ons kan, want Hy het belowe: "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie." Nou, *die wêreld* daar, soos die broers, die geleerdes, weet, dat—dat *die wêreld* daar, is van die Griekse woord *kosmos* wat beteken "die wêreldorde." "Die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle," die Kerk: "My sien, want Ek," *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord, "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die voleinding." Sien? Die heelpad wat Hy—Hy, dan, maak dit Hom dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

69 Dan moet Hy nie een wees wat net So lyk nie, een wat iets soos Dit sou wees nie, maar Hy moet dieselfde wees, dieselfde in gesindheid, dieselfde in krag, dieselfde in alles behalwe 'n—'n fisiese liggaam; *dit* sit aan die regterhand van God. Sy Gees is hier, in ons, om Homself te manifesteer, en om ons eie lewens te neem en dit net presies te maak wat Syne was. Dis wat Hy belowe het: "Die Heilige Gees, wanneer Hy kom, sal Hy van My getuig, en vir julle dinge wys wat sal kom." Sien? Nou, ons weet dit is waar.

Dan, as ek vir julle Metodiste broers sou sê, vanmiddag, "Glo julle dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid?"

Sou julle sê: "Sekerlik, Broer Branham, dit, Hy is dieselfde."

70 Ek sou sê vir julle Baptiste broers, of julle Pinkster, of vir die Presbiteriaan, of die Anglikaanse, of, o, Nasaréners, of Pelgrim Heiligheid, of watter denominasie ons ook al aan behoort: "Glo julle dit?"

"Sekerlik, Hy is beslis. Ons glo dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid."

71 Dan, is Hy die Geneser? Wat doen Hy vandag? Sien julle Hom in julle kerk net soos Hy was in die dae wat verby is? Nou, daar's die vraag. Sien? Julle aanvaar dit vanuit 'n intellektuele standpunt, begrip, maar is Hy in werklikheid dieselfde? Dis die hoofsaak.

72 Nou, die Bybel het gesê Hy is dieselfde. Jy sê: "Volgens 'n sekere standpunt is Hy." Nou, Dit sê nie vir 'n sekere plek nie, Dit het gesê Hy is dieselfde, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek weet dit klink baie vreemd, miskien, vir sommige van julle, maar ek haal net die Skrif aan. Dis, ek is nie verantwoordelik vir—vir die skryf Daarvan nie, ek het Dit nooit geskryf nie, maar die Heilige Gees het Dit geskryf, en Hy's verantwoordelik Daarvoor. Enigste ding wat ek weet, Dit sê Dít, en ek moet Dít glo as ek 'n Christen is, Ek moet glo elke Woord van God is die Waarheid, daar moet glad nie enige uitsonderings wees nie.

73 Nou, ek mag nie genoeg geloof hê om al hierdie woorde weer te laat lewe nie, maar ek sou nooit in die pad staan van iemand wat wel geloof gehad het om dit te doen nie. As ek nie kan wandel soos Henog en nie sterf nie, net 'n middagwandeling neem en Huis toe gaan na God sonder om te sterf, as ek nie soveel geloof het nie, sou ek nooit . . . sou ek dankbaar wees teenoor God vir iemand wat wel soveel geloof gehad het om dit te doen. Ek sou nooit sê dit kan nie gedoen word nie, want dis God se Woord.

74 Nou, as Hy dan dieselfde is, en ons verlang om Hom te sien, dan moet ons dieselfde Jesus sien wat hulle gesien het, as Hy dieselfde bly. Nou, dit klink logies, nie waar nie? Nou, laat ons uitvind wat . . .

Nou, as ek sou sê: "Glo julle Metodiste broers dit? Baptis? En soos ek dit aangehaal het?"

"Ja." Wel, nou, die enigste manier . . . Julle sê: "Hy's in ons kerk."

"Hy's in ons kerk."

75 Wel, ek sê: "Dis waar. Ek glo dit." Maar laat ons uitvind, die enigste manier om reg te wees daaroor, oor, om die Woord waar te maak of nie, wat, Dit is waar, is om terug te gaan en uit te vind wat Hy was. En as ons kan uitvind wat Hy was, dan sal ons uitvind wat Hy is, dan wat Hy altyd sal wees. Is dit reg? Klink dit duidelik genoeg? Sien? Wat Hy was, is Hy.

76 Wel, nou, as ons vandag sou ingaan om Jesus te vind, na watter tipe persoon toe sou ons gaan? En watter soort Gees sou Hy wees, as ons in ons kerke ingegaan het om Hom te vind? Laat ons deur elkeen gaan soek, uitvind wat ons kan vind.

77 Sou ons 'n man vind met sy kraag omgedraai, en 'n tulband op sy kop, of—of iets soos ons groot, *sogenaamde*, heilige manne vandag is? Nie Jesus nie, Hy het net soos gewone mense

aangetrek, Hy het in en uitgegaan onder die mense, net aangetrek soos mense was.

78 Ons sou nie soek na een of ander intellektuele geleerde nie. Ons het geen rekord van Hom wat ooit een dag die skool bygewoon het nie. Wel, waarna sou ons dan soek? Ons sou soek na 'n Messias, Gesalfde Een.

79 Nou, oorkant, nou, ek het gelees uit Johannes 12. Nou, soos ons aangaan, sal ons deur die Skrif neem, dag, of, byeenkoms na byeenkoms, om hierdie dinge reg te wys. Nou, ons het begin in Johannes, laat ons net teruggaan na die eerste van Johannes. As julle dit nie net hier lees nie, kan julle by die huis, die aanhalings afmerk. En laat ons nou teruggaan en uitvind wat Jesus was. En as ons kan uitvind wat Hy was, en hy sal Homself bewys as dieselfde vandag, sal dit julle gelukkig maak? Sal julle almal baie bly wees daaroor, as dit Hom dieselfde sou maak vandag?

80 Nou, ons het, ek het in die vreemde velde gestaan met 'n Koran in een hand, van die Mohammedaanse godsdiens, wat een van die grootstes in die wêreld is, en met die boek van Boeddha, en 'n Bybel in elkeen, in *hierdie* hand, en sê: "Iemand moet verkeerd wees, dit verskil te veel, iemand moet reg wees, as daar 'n God is. Nou, laat ons bewys en kyk watter een reg is." Sien?

81 Moet nooit bang wees om Hom na die Woord van God na 'n konfrontasie toe te bring nie. Hy sal altyd daar wees. En so, hê net geloof en glo Hom. Moenie iets probeer byvoeg of Iets Daaruit wegneem nie, glo Dit net soos Dit geskryf is en sê: "Dis so." Glo Dit dan sonder 'n sweempie twyfel, en God is verplig, as jy Dit waarlik glo, nie skyngeloof nie. Nou, hy sal nie bluf nie, Satan is nie 'n bluf nie, hy is 'n bluf, maar as hy jou kan bluf, sal hy dit doen, maar wanneer jy kom met egte geloof, weet hy of jy bluf of nie. Sien?

82 Toe die dissipels mag gegee is om die siekes te genees, tien dae later vind ons hulle verslaan met 'n epileptiese geval. En ek kan my voorstel Petrus sê: "Wag, ek sal julle wys hoe ek dit gedoen het onder by Kapérnaüm."

En die ander een wat sê: "Ek sal julle wys hoe ek dit gedoen het."

83 En nie een van hulle kon hierdie demoon die kind laat verlaat nie. Maar toe Jesus gekom het, en die vader gegaan het om Jesus te sien, en hy het gesê: "Ek het hom na U dissipels toe gebring en hulle kon niks vir hom doen nie, en ek het hom na U toe gebring."

84 Hy het gesê: "Ek kan, as jy glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." En die kind het die ergste aanval gekry wat dit ooit gehad het, want daardie duiwel het geweet dat hy geloof op 'n ander vlak ontmoet het as wat die apostels gehad het; hy het 'n volmaakte geloof ontmoet.

85 Dis wat ons moet hê: volmaakte geloof om die volmaakte Woord van God volmaak te laat werk. Dis reg. Ons moet Dit glo sonder 'n sweempie twyfel.

86 Nou, kom ons gaan weer af na Galiléa, gaan nou op 'n denkbeeldige reisie vir omtrent twintig minute. Laat ons na Galiléa toe gaan en uitvind wat Jesus was. Ons ken Sy geboorte en Sy onbevlekte ontvangenis en hoe Hy gebore is.

87 En Johannes het in die woestyn ingegaan, die ouderdom, omtrent nege jaar oud, en gebid en gevas voor God, en dertig jaar oud, het hy uitgekom en verkondig: "'n Messias sou kom." En eendag, het 'n gewone Mannetjie afgestap na die oewer, maar daar was 'n teken bokant Hom wat die Messiaanse teken was, en Johannes het dit herken. En hy het gesê: "Ek het geweet dat dit Hy was, want ek het die teken gesien wat, vir my gesê is in die wildernis, dat, Wie Hy sou wees.

88 Jesus, gedoop deur Johannes, toe vind ons dat Hy veertig dae deur die duiwel versoek is in die woestyn. Toe, nadat Hy uit sy versoeking gekom het, vind ons Hom onmiddellik ingaan in Sy openbare bediening. Nou, dis wat ons, hier is vanmiddag, wat in Sy openbare bediening ingaan. En die siekes het begin om genees te word toe Hy vir hulle gebid het. En dit het 'n groot opskudding onder die kerke veroorsaak. "Wie is hierdie man?" Hulle het geen antwoord in hulle—in hulle geloofsbelydenisse gehad nie. En hulle—hulle was, hulle kon nie ontken dat 'n—'n noemenswaardige dinge gedoen is nie.

89 So daar was 'n ou visserman met die naam van Andréas, en hy het 'n broer gehad met die naam van Simon. En Andréas het Simon probeer kry om na die diens toe te gaan, en uiteindelik het Simon ingestem, eendag, om te gaan. En toe Simon in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingekom het, hou nou goed dop, toe hy na die Here Jesus toe gekom het, het hy Hom nie gevra of Hy al 'n, Sy Baccalaureus Artium graad gehad het nie, of hy het Hom nie gevra aan watter organisasie Hy behoort het nie, hy het net nadergestap, soos julle het, soos ek het, en sodra Jesus se oë hom gemerk het, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona."

90 Simon se voete is onder hom uitgeslaan, want sy vader Jona was 'n Fariseër, 'n groot man. En as julle die geskiedenis gelees het, hy het vir sy seuns gesê dat die Messias eendag sou kom, en toe het hulle almal gesoek na 'n Messias. Weet julle hulle het gedink Johannes was die Messias? Want die regte egte kerk het gesoek na 'n Messias. En onthou, Hy kom net na hulle wat na Hom soek, Hy red net hulle wat glo dat Hy hulle kan red, Hy genees net diegene wat glo dat Hy hulle genees.

91 En Simon, wat gesoek het na 'n Messias, belowe was vir vierduisend jaar, van in Eden af. Die profete het van hulle gepraat. Hulle het gelewe volgens die wet van Moses. En Moses,

en, julle graag daarvan wil verwys, Deuteronómium 18:15-22, sy woorde in aanhaling aan Israel, het hy gesê: "Die Here julle God, sal 'n Profeet oprig soos wat ek is; dit sal gebeur dat, wie ook al nie na hierdie Profeet luister nie, uitgeroei sal word onder die mense."

92 Nou, die hele Israel, wat in die Woord geleer is, moet nou nie hierdie vergeet nie, klas, hulle het geweet dat die Messias 'n profeet sou wees. Nou, Israel moes na hulle profete luister. Die Bybel het gesê, God wat met Israel praat: "As daar een onder julle is wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek, die Here God, Myself aan hom bekend maak in visioen, met hom praat deur 'n droom. En as wat hierdie profeet sê, gebeur, luister dan na daardie profeet, maar as dit nie gebeur nie, moenie daardie profeet vrees nie, want Ek is nie met hom nie, maar as wat hy sê, gebeur, wees dan versigtig, Ek het daardie profeet gestuur."

93 Johannes, toe, hulle het geweet dat hy 'n profeet was, omdat hy hulle vertel het wat sou kom, en 'n—'n Messias bekendgestel het. Nou, hierdie Messias moes 'n teken hê, en daardie teken was 'n God-Profeet. Hy was nie net 'n profeet nie, maar Hy was 'n God-Profeet. Hy was die God van die profete, maar sy Messiaanse teken was om die teken van 'n profeet te doen.

Julle weet hulle het gesê: "Laat ons jou die teken van die profeet sien doen, dan sal ons jou glo," sien, toe hulle die lap oor sy gesig gesit het.

94 Maar hier was Hy vir die Uitverkorenes, vir iemand wat sou glo, Simon, wat Hy nog nooit in sy lewe gesien het nie, of gesien het, en Hy het Sy oë op hom gevestig en gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar . . . " nee, verskoon my, Hy het gesê: "Jou naam is Simon, die seun van Jona. Van nou af sal jy Petrus genoem word."

95 Ek stel my voor dit het daardie Fariseër afgeblaas, toe hy daardie Man gesien het wat nog nooit na hom gekyk het nie, of hom nog nooit in Sy lewe gesien het nie, hom vertel wie hy was, wat sy naam was, wat sy vader was. Nou, dit was die teken van die Messias. Dit was Jesus gister. Dis hoe Hy Homself bekend gemaak het aan die mense as die Messias.

96 Nou, daar het een daar gestaan met die naam van Filippus, ek's steeds in die eerste hoofstuk van Johannes, een genaamd Filippus, 'n goeie man, regverdige man, hy het dit sien gebeur. En daar's iets daaromtrent, wanneer jy Jesus op die toneel sien kom, jy net nie kan stilbly nie, jy moet almal daarvan vertel, dit is, as jy Hom liefhet. So Filippus, o, hy was *so* verheug dat hy gesê het: "Ek moet vir Natánael gaan vertel, my vriend."

97 Nou, baie van julle broers hier, mag in Palestina gewees het. As julle die plek sal oplet waar Jesus op daardie tyd was, tot waar Natánael was, dis omtrent vyftien myl om die berg. En Filippus

het om die berg gegaan en hy het Natánael gevind. En kom ons *dramatiseer* dit hier, net 'n oomblik, 'n dramatjie.

98 Ek kan my voorstel hy stap na die deur toe, en klop aan die deur. En Mev. Natánael het na die deur toe gekom en hy het gesê: "Waar is Natánael?"

"O, hy stap in sy boord."

99 "Ek moet hom dadelik sien." Hy gaan weer buite na die boord toe. Daar kry hy Natánael op sy knieë, onder die bome, besig om te bid, miskien: "O God," iets soos hierdie, miskien: "ons het verlang en gewag vir daardie komende Messias. Ons glo dat U Hom eendag sal stuur. Ons—ons glo dit, Here, en ek sal na Hom soek wanneer Hy kom. Amen."

100 Nou, Filippus, as 'n Christenheer, hy sou nie gebed onderbreek nie, natuurlik nie, hy het eerbiedig gestaan totdat Natánael klaar gebid het. Toe staan hy op, Natánael, en begin sy kleed afvee. En vinnig, hy het nie gesê: "Hoe gaan dit met die oeste?" of . . . Die—die—die boodskap was dringend, hy moes dit sommer gou by hom kry.

101 Dis wat dit vandag is, broers. Die Boodskap, ons het nie tyd vir vyftien jaar van skoolopleiding nie, die Boodskap is dringend, die wêreld is aan die einde, die tyd is op hande. Hierdie einste dinge wat julle deur hierdie diens sal sien, bewys dat die volgende stap die koms van die Here is, die verplasing van die Kerk, Skriftuurlik.

102 Ek sê dit nie om vrees te skep nie, ek sê dit as 'n waarskuwing om gereed te wees. Ons weet nie watter oomblik Hy mag kom nie.

103 Nou, kyk wat gebeur het. Hy het gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

104 En Filippus het hierdie woorde vir Natánael gesê, en Natánael was 'n stoere ortodoks, julle weet, so, baie styf, reken ek, hy het gesê: "Nou," iets soos hierdie: "wag 'n bietjie, kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?" En, miskien, dat hy dit kon gesê het: "Nou, as daar iets soos daardie sou kom, wel, natuurlik sou dit deur ons Fariseërs kom, of die Sadduseërs het gesê: 'Dit sou deur ons kerk kom.' En as dit sou kom, wel, natuurlik, sou die gange van die Hemel oopgaan, en—en die Messias sou reguit afloop op die, by die tempel, en Hy sou sê: 'Kájafas, die agbare hoëpriester, hier is Ek.'"

105 Maar julle sien, God doen nie dinge op daardie manier nie, Hy het dit nog nooit gedoen nie, en Hy sal nooit, Hy kom en neem die dom dinge van die wêreld en maak iets daarvan, en bewys Homself, om Sy Woord te vervul. Nou, ondersoek die Skrifte en vind uit of dit nie waar is nie. Hy neem iets wat onbeduidend is.

106 Toe Hy Sy apostels geroep het, wat het Hy geneem? Vissermanne, ongeleerde mense. Waarom het Hy nie die gekultiveerdes geneem nie? Waarom het Hy nie die priesters

geneem nie? Hulle het predikers van daardie dag gehad wat enigiets wat ons ooit gehad het, ver sou oortref. Hulle moes wees, uit 'n geslag van Leviete gekom het om priesters te wees, hulle oor-oor-oor-oor-oor-grootjies was priesters. En waarom het Hy nie na daardie soort toe gegaan nie? Maar julle sien, Hy het iets geneem, wat niks was, om te bewys dat Hy God is, dat Hy iets uit niks kan maak.

107 En so gou, of, sodra ek en jy kan besef dat ons niks is nie, dis hoe vinnig God met ons kan werk, wanneer ons ons intellektuele begrippe daar kan uitkry, en net sê: "God, ek glo, help U my ongeloof." Dis reg. As die Woord so sê, dan is dit waar. God is agter Sy Woord, en Hy is in Sy Woord, en Hy is die Woord.

108 Nou, ons let op dat hierdie stoere ortodoks na hom gekyk en gesê het, miskien iets soos hierdie, "Nou, Filippus, ek het jou geken as 'n goeie man. Ons het saam kerk toe gegaan vir jare, maar ek glo jy het die kluts kwytgeraak. Daar moet iets verkeerd wees met jou, jy het een of ander soort illusie gehad. Wil jy vir my sê dat 'n man van Galiléa die Messias sou wees? Is dit die Man, wat ek gehoor het, wat daardie buite-egtelike geboorte gehad het, daardie Baba, baie jare gelede, waarvan hulle gepraat het? Swart naam om mee te begin, en hier kom vertel jy my dat Hierdie die Messias blyk te wees. O, Filippus, ruk jou reg. Kan daar enige goeie ding uit Násaret kom?"

109 Ek dink hy het hom 'n antwoord gegee wat ons almal sou laat stilstaan, hy het hom die regte antwoord gegee, hy het gesê: "Kom kyk." Dis reg. Moenie by die huis bly en kritiseer nie. Bring jou Bybel en kyk of dit reg is. Dis goeie doktrine vir ons. "Kom, kyk."

110 "Ondersoek die Skrif," het Jesus gesê: "want Dit is Díe wat van My getuig."

Nou: "Kom, kyk."

111 Ek kan my voorstel, soos hulle die pad terug begin stap het, om oor te kom die volgende dag, dis vyftien myl, hulle waarskynlik 'n twee-dag reis geneem om terug te kom, ek kan my voorstel langs die pad, laat ons inluister na hulle gesprek, ons sal nie nou onskriftuurlik wees nie, so toe, met hulle gesprek, kan ek Filippus hoor sê: "Dan, Natánael, kon jy dit nie glo nie? Meneer, my broer, jy is 'n teoloog, jy is 'n man van gesag in die Skrif, wat lees jy van Messias? Wat sal Messias wees wanneer Hy kom? Na watter tipe Mens sal ons soek?"

"O," het Natánael gesê: "Hy sal 'n Profeet wees, want die Bybel het gesê Hy sal 'n Profeet wees, ons heilige Skrif sê Hy sal 'n Profeet wees."

112 "Wel, onthou jy daardie ou visserman by wie jy die vis gekoop het die dag, met die naam van Simon, en hy het nie genoeg geleerdheid gehad om sy eie naam te teken nie?"

"Ja, ek onthou dit goed."

113 "Hy het opgekom voor hierdie Jesus van Násaret, en Jesus van Násaret het vir hom gesê wie hy was, en nie net dit nie, maar vir hom gesê wie daardie goddelike ou vader van hom was. En dit sou my nie verbaas nie, as, as Hy jou nie gesê het wie jy is nie."

114 Wel, ek kan my voorstel Natánael sê: "As dit so is, weet ek nie, ek was nog nooit daar nie, maar as dit so is, sal Dit Messias wees, want dis wat Hy veronderstel is om te doen, Hy's 'n Profeet. En ons het nie 'n profeet gehad nie," het hy gesê: "vir vierhonderd jaar, vandat ons 'n profeet gehad het, en ons het gesoek na hierdie Messias, wat volgende in die ry is."

Ons het nie een gehad vir tweeduisend jaar nie. "Nou . . ." Maar ons soek na een.

"Nou," het hy gesê: "hierdie Messias, as Hy die Messias is, dan sal ek Hom die teken sien doen."

115 Toe het ons in die gemeente ingestap, veronderstel ek, en miskien was hy in die gebedsry, of miskien het hy buite in die gehoor gestaan, ek weet nie. Maar, egter, sodra Jesus omgedraai het en sy oë gevang het, het Hy gesê: "Aanskou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

116 Nou, kan 'n kritikus byvoorbeeld teenwoordig wees, hulle sou sê: "Wel, sekerlik, hy was so aangetrek." O, nee, die oosterlinge trek almal eenders aan, hulle het 'n lang kleed, en onderklere, en 'n tulband, en dra 'n baard, so hy was, hy kon Hom nie onderskei het nie, hy kon 'n Griek of enigiets anders gewees het.

Hy het gesê: "Aanskou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

117 Ek kan my voorstel dat die styfheid hom sommer gou verlaat het. En hy het gesê: "Rabbi," wat *leraar* beteken: "wanneer het U my ooit geken? Hierdie is die eerste keer wat ons ooit ontmoet het, en hoe het U geweet dat ek 'n Israeliet was, 'n man met geen bedrog nie?"

118 Luister! Hy het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Watter oë!

Wat het hierdie stoere gelowige, wat die Skrif geken het, gesê? "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

Jesus het gesê: "Omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy? Julle sal groter dinge nou sien." Sien?

119 Nou, dit was Jesus gister, hoe Hy Homself bekend gemaak het aan die mense as Messias. As Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, is dit hoe Hy vandag sou wees, as Hy dieselfde is. Is dit waar? Moet wees.

120 Nou, daar's baie ander aanhalings wat ons kan maak, maar die . . . Ek weet ons het nie meer as omtrent vyf-en-veertig minute nie. En ek sal dit verder neem deur die Skrif.

121 Maar ek hou daarvan om te gaan na omtrent, laat ons dit sê, daar is drie rasse mense op aarde. Ek weet julle sê: "Ek's *hierdie*, *daardie*, of die *ander*." Maar daar's net drie rasse, ons het almal gekom uit die seuns van Noag, Skrif is reg: Gam, Sem, en Jafet. Nou, dit het geblyk in Sy dag te wees, Jood, Heiden, en Samaritaan.

122 Nou, ons vind uit dat daar 'n ras mense was naamlik die Samaritaan, wat half Jood en Heiden is. En hulle het gesoek na 'n Messias. Hulle wou Messias sien.

123 Nou, onthou, daar was diegene wat daar gestaan het wat Jesus dit sien doen het. Weet julle wat hulle gesê het? Hulle was groot predikers, groot leraars, ortodoks in hulle geloof, maar hulle het gesê: "Hierdie man is Beëlsebub. Hy's 'n fortuinverteller." [Leë kol op band—Red.]

124 Wat het Jesus vir hulle gesê? Hulle het dit nie hardop gesê nie, maar Hy het hulle gedagtes onderskei. Ons weet almal dis Skrif. Hy het hulle gedagtes onderskei, en Hy het na hulle gedraai, en Hy het gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe," vir daardie bose gedagtes: die werke van God 'n bose gees te noem wat dit doen, 'n Beëlsebub, 'n fortuinverteller. Vandag, sou hulle dit so-iets noem, of telepatie, maar 'n bose naam vir die werke van God. Hy het gesê: "Maar eendag sal die Heilige Gees kom om dieselfde ding te doen," nou, hier is waar dit ons plaas: "een woord Daarteen, sal nooit vergewe word in hierdie wêreld nie, ook nie in die wêreld wat sal kom nie." Dis hoe heilig Dit is. "Een woord Daarteen sal nooit vergewe word in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie."

125 So julle sien, as Hy dit doen, in watter posisie dit ons plaas. Dit verseël ons aan die een kant of die ander. Die skeidingstyd het gekom, die ondersoekende oordeel.

126 Nou, ons vind baie ander plekke, ons sal die volgende hoofstuk neem, wel, ons, eers, laat ons gaan, nou, daar's 'n Jood, Heiden, en Samaritaan. Nou, nie een keer het Hy ooit daardie teken voor 'n Heiden gedoen nie. Jy kan dit nie in die Skrifte vind nie. Heidene was, ons Anglo-Sakse, Heidene, ons het nie gesoek na enige Messias wat sou kom nie. Ons het knuppels op ons rug gehad en afgode aanbid, sien, heidene, Romeine, ensovoorts.

127 Nou, maar Hy kom na hulle wat na Hom soek. Hy het dit in daardie dag gedoen. As Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal Hy dit weer vandag doen. Hy kom vir hulle wat na Hom soek, hulle wat verlang, soos daardie Grieke het: "Ons wil Jesus graag sien."

128 Nou, Hy was op Sy pad af na Jérigo, wat onder die berg was, waar Jerusalem bo-op die berg is, maar Hy het gesê Hy moes deur Samaria gaan, nou, die stad Sigar. Nou, ons let op dat Samaria aan *hierdie* kant van die pad is, opgaan na *hierdie* kant en dan afgaan na Jérigo, ver uit Sy pad uit. Maar Hy het opgegaan na

hierdie sekere Samaritaanse stad, van Samaria, en Hy het gaan sit en Sy dissipels weggestuur om 'n bietjie kos te kry.

129 En terwyl hulle weg was, was daar 'n vrou, wel, berug, sou ons haar hier in Amerika noem, dat sy 'n—'n berugte vrou was. Hoeveel weet wat verkeerd was met haar? Sy het haar huweliksbelofte verbreek, sy het vyf mans gehad. En miskien, laat ons sê, sy was 'n mooi vrou. En almal was weg. En as julle ooit daar was, die put staan steeds, dis 'n panoramatjie, iets soos *hierdie*.

130 En Jesus, Hy was net dertig jaar oud, of, nie heeltemal drie-en-dertig nie, maar tog, Hy moes ouer gelyk het. Toe Hy gepraat het, in Johannes 6, met die Jode toe hulle die fees gehou het, en hulle hierdie water gedrink het, wat die water voorstel van die rots wat in die wildernis geslaan is, het Hy gesê: "Ek is daardie Rots wat in die wildernis was."

131 O, hulle, o, wat hulle regverdige verontwaardiging laat opkom het, en hulle het gesê: "Jy wil vir my sê dat jy Abraham gesien het, en jy's 'n man nie ouer as vyftig jaar nie?" Hy het vyftig gelyk, maar Hy was net dertig. Sy werk het dit waarskynlik aan Hom gedoen, miskien 'n bietjie grys of iets.

132 Wel, wat het Hy vir hulle gesê? "Voor Abraham was, IS EK." Hy was Abraham se God, maar daar was Hy, net geklee in klere soos 'n gewone man. So die Man mag dalk 'n bietjie oud gelyk het.

133 Maar Hy was 'n Jood, en daar was segregasie, soos waaroor ons 'n rusie onder in Louisiana en Georgia het, ek het 'n paar Georgia vriende wat hier sit, oor die segregasie . . . [Leë kol op band—Red.] . . . gekleurd en wit, ensovoorts, dit was Jood en Samaritaan.

134 En so het Jesus die vrou sien opkom en, wel, miskien as jy ooit in die ooste was, hulle gebruike verander nooit, korrek, sy kon nie uitgekom het saam met die ordentlike vroue nie. Sien, hulle moet uitkom, die, vroeg, maagde wat vroeg uitkom en hulle water kry.

135 En ek het hulle 'n pot daarvan sien neem, wat vyf gelling sou hou, dit op hulle kop sit, en een op elke heup sit, en aangaan soos daardie, praat net soos dames kan doen, julle weet, en nooit 'n druppel water mors nie. Dis—dis verstommend om te kyk hoe volmaak en reguit hulle daarmee loop, net met mekaar praat, julle weet, en nooit daardie yslike groot pot water op haar kop beweeg nie. Twee groot handvatsels daaraan, waar hulle dit laat, dit laat afsak in die put om die water te kry.

136 En hierdie jong vrou kom daar uit, sy miskien, wat die pot op haar heup dra, soos die gebruik met die haak onder haar arm. En sy het gedink, miskien, oor wat sy die vorige aand gedoen het, sy kon nie assosieer met die goeie vroue nie. So sy het begin om die pot te laat afsak in die—die put. En hy het gehoor . . . sy het 'n

Stem hoor sê: "Bring vir My water om te drink, vrou, bring vir My water om te drink."

137 En sy het omgedraai, en oorkant langs die wingerd teen die muur, het 'n middeljarige Jood gesit. Vinnig het sy gesê: "Dit is nie gebruiklik vir 'n Jood om vir 'n Samaritaanse vrou enige gunste te vra nie." O, die segregasie was bitter. "Ons het niks met mekaar te doen nie. En U 'n Jood, en ek 'n Samaritaanse vrou, hoe sou U my vra vir water om te drink?"

138 Luister na die antwoord: "Vrou, as jy geweet het met Wie jy praat," o, goeiste, dis wat dit vandag is, "as jy net geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink. Ek sou vir jou water bring, of, vir jou water gee, wat jy nie hier kom skep nie."

"O," het sy gesê: "die put is diep, en U het niks om mee te skep nie."

139 En die gesprek het voortgegaan. Wat het Jesus gedoen? Nou, hier, julle sal my woord moet vat, ek hoop julle sal, Hy het haar gees gekontak. Hy het geweet daar was iets verkeerd. Die Vader het Hom soontoe gestuur, so Hy het geweet hierdie vrou sou kom, want Hy het gesê, in Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Julle sien?

140 Nou, die Vader moes Hom soontoe gestuur het, en Hy het gesien dit was die vrou, so Hy moes haar gees kontak om met haar te praat, tot Hy uitvind waar haar probleem was, Hy het gesê. . .

141 Sy het gesê: "Ons aan-. . .Julle aanbid in Jerusalem; en op hierdie berg, aanbid ons. . . " Die gesprek het vir 'n hele rukkie voortgegaan, uiteindelik, het Jesus haar probleem gevind. Nou, luister, verskoon my, ek probeer nie op julle skree nie, ek het buite gepreek, ensovoorts, en ek maak baie geraas, dink ek. Gesê: "U het niks om mee te skep nie, so hoe kan U die water kry?"

142 Gesê: "Wel, nou, as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, Ek sou vir jou waters gee wat jy nie hier kom skep nie." En die gesprek het voortgegaan, Hy het gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

O, ek kan haar oë sien ophelder. Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie." Wat 'n—'n skok moes dit gewees het.

Hy het gesê: "Jy het reg gesê. Jy het vyf mans gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie, so jy het dit reg gesê."

143 Luister na hierdie prostituut, berugte vrou, sy het meer van God af geweet as die helfte van die predikers in die Verenigde State. Sy het nooit gesê: "Jy is Beëlsebub, 'n duiwel," nie. Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is." Nou, luister: "Ons weet, ons Samaritane, ons weet dat Christus kom, Wie die

Messias genoem word, kom, Wat die Christus genoem word, die Gesalfde," sien: "en wanneer Hy kom, sal dit die teken wees wat Hy sal wys, Hy sal vir ons hierdie dinge vertel. U is 'n Profeet, maar ons soek na 'n Messias, en wanneer hierdie Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel, dit sal Sy teken wees."

144 O, kerk, kan julle dit sien? Dis die Messias, dis die teken van Messias. Sien? "Ons weet dat wanneer Hy kom, Hy ons hierdie dinge sal wys." Hy het nooit . . . sy het nooit gesê: "Jy's Beëlsebub, jy moet 'n fortuinverteller wees, nie." Sy . . .

145 Nou, dis wat die predikers Hom genoem het, die groot geestelikes in daardie dag, die priesters, hulle het gesê: "Daardie kêrel is 'n—'n telepatis, hy is 'n—'n sielkundige, verstandelik, hy—hy is 'n fortuinverteller."

146 Jesus het gesê: "Ek vergewe julle, maar eendag kom die Heilige Gees om dit te doen. Sê julle een woord Daarteen, sal julle nooit daarvoor vergewe word nie."

147 En daardie dag het aangebreek, nou; gepraat met 'n ander geslag.

148 Let op, sy het gesê, nederig: "Meneer, U moet 'n profeet wees. Ons weet, ons Samaritane, ons soek na 'n Messias wat sal kom, en wanneer hierdie Messias kom, sal Hy vir ons die teken wys dat Hy die Superprofeet is." Sien? "Ons—ons weet wanneer Hy kom, sal ons—ons weet dat Hy 'n Profeet is, want Hy sal hierdie tekens doen."

149 Luister na Hom: "Ek is Hy Wat met jou praat." Daar was nooit voorheen 'n man en nooit een daarna wat dit kon sê nie. "Ek is Hy wat met jou praat."

150 En daarop, het sy haar waterpot laat val en in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man," nou, luister, klas, julle Bybellesers, "kom, sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?"

151 En hulle het uitgegaan en Hom gevra om in die stad in te kom. En die Bybel het gesê dat die mans van daardie stad, die mense, in Hom geglo het as gevolg van die getuienis van die vrou.

152 Kan dit misleidend wees? Nee, meneer. Dis die Skrifte, is dit nie. Wel, as dit Jesus gister was, is dit Jesus vandag.

153 Nou, kyk, ons is nou almal bewus, dat dit die afsluiting van die dag vir die Jode was. Hulle het hulle Messias verwerp, ons weet dit. Nou, hulle het gesoek na 'n Messias, en toe die Messias gekom het, is Hy verwerp. En toe Hy die teken van die Messias gedoen het, is Hy 'n onrein gees genoem.

154 Nooit het Hy dit gedoen aan die ander ras nie, Heiden, omdat Hy gekruisig is, weer opgestaan het, en Petrus die Boodskap gepreek het aan die huis van Cornelius, ensovoorts. Nou, Jesus het dit nooit gedoen nie. Maar onthou, dit is belowe, en God kan nie Sy Woorde breek nie, dat dit met die Heidene sou gebeur in

die eindtyd, die profeet het gesê: “Daar sal ’n dag wees wat nie sal, nie dag of nag genoem kan word nie, maar in die aandtyd sal dit Lig word.”

155 Nou, ons het ’n dag gehad. Hoe kom die son op? In die ooste. Dieselfde son kruis die horisontale en sak in die weste, nie ’n ander son nie, dieselfde son. En toe Dit opgekom het in die ooste, het dit geskyn op die oosterse mense, die Samaritane en die Jode. En toe Hy daar was, het Hy Sy teken voortgebring om te wys dat Hy Messias was.

156 Nou, ons het tweeduisend jaar van ’n somber dag gehad, iets soos buite of ’n bietjie donkerder. Ons het groot herlewings gehad, gewandel in dié somber lig wat ons het. Ons het dag gehad toe ons groot organisasie kon maak, groot kerke kon bou, groot skool, kweekskool. Dis alles, goed. Maar dis nou aandtyd, die son sak.

157 Beskawing het saam met die son beweeg. Die oudste beskawings is die ooste. China is die oudste beskawing. En beskawing het saam met die son beweeg. Waar is ons nou? Aan die Weskus. As ons ’n bietjie verder gaan, is ons weer terug in die ooste. Ons is in die aandtyd. “En dit sal Lig word in die aandtyd.” Wat is dit? Dieselfde son.

158 Nou, God is ’n oneindige God. Hy’s oneindig, ons weet dit. En as Hy, na al daardie jare van intellektuele se lering, en Hy het na die Jood en Samaritaan gekom voor die einde van hulle tyd, en hulle die teken van die Messias gewys, sou Hy nie dieselfde God wees as Hy ons Heidene laat ingaan met intellektuele begrip nie. Hy moet absoluut dieselfde ding doen, en Hy het belowe Hy sou dit vir die Heidense kerk doen.

159 Nou, om my geestelike broers te help, dat hulle ’n begrip mag hê, begrip, miskien ’n bietjie duideliker, miskien, Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.”

160 Nou, laat ons net ’n oomblik dophou. En asseblief, as ek iets hier sê wat teen ’n—’n kerk is, of iets, of sekere denominasies, ek bedoel dit nie in daardie—daardie lig nie, ek probeer net ’n punt maak.

161 Hou Abraham dop, hy was die vader van die nasies wat sou kom, deur Sy Koninklike Saad, wat Christus was. Nou, dit kon nie gebeur, die volle belofte, met die Jode nie, want deur Isak is die belofte alles vir die Joodse ras, maar in hierdie laaste dae het Hy dit belowe aan Abraham en sy Saad, wat, Christus was sy Saad, die Kerk is hierdie kant. Nou, nie net aan Abraham nie, maar sy Saad. As die Here wil, as ek ’n ekstra uur of twee kry, wil ek julle graag leer, *Abraham En Sy Saad Na Hom.*

162 Let op hoe Hy Abraham gebring het deur daardie kruispaaie van regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees,

net dieselfde ding as wat Hy dit hier gedoen het, presies, hom as 'n seun geplaas het, en net voor Sodom vernietig is.

163 Nou, hou in gedagte, daar is drie klasse mense, altyd, soos Jood, Heiden, en Samaritaan, dis gelowige, skyngelowige en ongelowige, so ons—ons vind dit. En elke diens bring dit voort, elke skare bring dit voort, ons het dit net.

164 Nou, kyk na daardie dag, Abraham het nie afgegaan in Sodom nie, maar Lot het afgegaan in Sodom. Hy was steeds 'n gelowige, soos die gewone kerk, die ritualistiese gelowige, tog was hy 'n gelowige. En hy was onder in Sodom omdat hy gedink het hy kon 'n bietjie ekstra geld maak of 'n bietjie meer gewild wees. Ek dink hy het die burgemeester van die stad geword of iets daaronder. En sy vrou het aan al die klubs behoort, ensovoorts daaronder, en dit was moeilik vir haar om weg te gaan.

165 Maar net voor dit plaasgevind het, nou, kyk, daar was, Abraham, was die Uitverkorenes, en ons weet almal dat Christus kom vir 'n uitverkore Kerk, dat die Wegraping die oorblyfsel is, ons weet dat, uh, uitverkore Kerk, die ander gaan deur die Oordeel, maar die Uitverkorenes gaan eerste in die Wegraping, want hulle kan nie in die Oordeel ingaan nie.

166 Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, het die Ewige Lewe. Hy wat My woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe en sal nooit na die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." Johannes 5:24. Ons is in Christus, alreeds geoordeel, God het ons geoordeel vir ons geloof in sy Seun, Christus Jesus. En deur die Heilige Gees word ons gedoop in daardie Liggaam en word deel van Christus, die Uitverkorenes, uitverkore Kerk.

167 Abraham het die uitverkore Kerk verteenwoordig, net dieselfde as die uitverkore Kerk van sy Saad na hom in hierdie dag. Volg julle dit? Abraham, nie net Abraham nie, maar sy Saad na hom. En hy was die vader van nasies, wat hier is ons vandag, ek's Iers, en sommige, miskien, Indiaans, en sommige Noorweërs, en sommige is ander. Sien? Ons sit almal hier, maar deur . . . God het alle nasies uit een bloed gemaak. Ons is almal een in Christus: "Want deur een Gees is ons almal gedoop in een Liggaam." Dis reg. Dis die uitverkore Kerk.

168 Nou, daar is 'n kerk wat nie in die doop van die Heilige Gees glo nie, daarbuite in Sodom, hulle doen steeds die dinge wat hulle in Sodom doen: bingo, bunco, sop-aandetes, allerhande dinge, aantrek soos die wêreld, optree soos die wêreld, hulleself steeds kerklidmate noem. Sien? Dis die Sodom kerk. Nou, net voor die einde kom . . .

169 Nou, onthou, die woord kerk beteken "uitgeroep," as geskei, afgesonder van ongeloof, glo elke Woord van God.

170 En kyk wat Abraham: Abraham het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maak nie saak hoe lank

dit geneem het nie. O, toe—toe Sara vyf-en-sestig jaar oud was en Abraham vyf-en-sewentig was, hy was steriel, sy was onvrugbaar, en tog, het God vir hom gesê hy gaan 'n baba kry by daardie vrou, en hy het dit geglo en reëlings daarvoor getref. En vyf-en-twintig jaar later het hy steeds dieselfde ding geglo, tog met geen bewys nie, dit het die heeltyd verder weggegaan.

171 Maar die Bybel het gesê om te bly . . . Daar mag vir jou gebid word, sê: "Ek sien geen verskil in my nie," dan gaan jy terug. Sien? Dis nie Abraham se Saad nie. Wanneer Abraham se Saad daardie belofte kry, is daar niks wat dit gaan beweeg nie, gaan net daar bly, maak nie saak nie!

Ek kan Abraham hoor sê, inkom, sê: "Sara."

"Ja, Skat."

"Ek—ek het so pas vir God ontmoet daarbuite."

"O!"

"Hy het gesê ons gaan 'n baba hê."

172 Kan julle julle 'n ou man voorstel van vyf-en-sewentig jaar oud, 'n ou vrou vyf-en-sestig, wat afgaan na die dokter en reëlings tref vir 'n baba? Die dokter sê: "Hulle is, ou kêrel, arme ou kêrel, hy's mal." Sien julle? O, dis hoe almal wat geestelik is, elkeen wat God liefhet, hulle word as 'n bietjie *af* bestempel, julle weet, so: "Wel, die ou kêrel, los Hom uit; hy's onskadelik."

173 Wel, God het vir Abraham gesê: "Sonder jouself af van hulle, kom uit, kom weg van daardie ongeloof."

174 Verskoon my, susters, ek moet 'n punt hier maak. Maar miskien na die eerste maand, of soveel dae, kan ek Abraham hoor sê: "Wat van . . . ?" Sien, nou, onthou, sy was omtrent twintig jaar verby menopouse. So gesê: "Hoe voel jy, skat?"

"Nie anders nie."

"Prys God, ons gaan dit in elk geval hê. Maak die kousies, en al die kombersies, ensovoorts, gaan dit in elk geval hê."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê." Dit handel dit af. God het so gesê. Sien?

Wel, 'n jaar het verbygegaan. "Wat daarvan, Skat?"

"Nie anders nie."

"Glorie aan God, dit sal nou 'n groter wonderwerk wees as wat dit in die eerste plek was, gaan dit in elk geval hê."

175 Vyf-en-twintig jaar het verbygegaan, nou hier is sy, 'n oumatjie, sien, en Abraham oud en bejaard, nou: "Skat, hoe voel jy nou?"

"Nie anders nie, Skat."

"Glorie aan God, ons sal dit in elk geval hê."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê."

Nou, die Saad van Abraham neem dieselfde standpunt in: "God het so gesê."

176 Dan sê jy: "Wel, daar is vir my gebid, maar ek glo nie ek is enigsins anders nie." Dit is nie Saad van Abraham nie. Nee, nee, Saad van Abraham glo dit.

Ek gee nie om wat nie, vyftig dokters kan staan, sê: "Jy gaan sterf."

"Nee, gaan voort, Dokter."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê." Dit handel dit af.

177 Nou, let op, hy het gewag, jare het verbygegaan, die skoonheid het vervaag, en sy was oud, en hy was oud, en eendag het Abraham, steeds eenkant gebly, verteenwoordig die Saad van Abraham vandag, afgesonder van die wêreld, uitgeroep, opsygesit. Dis Christene, ware gelowige Christene, opsygesit, uitgeroep. Nou, Abraham, wat daarbo op die heuwel gesit het, dinge het nie te goed gegaan nie, hy was nie ryk nie, beeste was uitgehonger.

178 Lot het goed gevaar, hy was onder in Sodom, burgemeester van die stad en, o, hy was, sy vrou het aan al die klubs behoort, en hulle, sy dogters het aan al die verenigings behoort, en, goeiste, ek veronderstel hulle was net soos Sodomiete. So daar was hulle, daaronder in Sodom.

179 So toe, eendag, terwyl Abraham, wat in die skaduwee van die eikeboom gesit het, waar sy tent opgeslaan was, hy het drie mans aangestap sien kom. Daar is net iets omtrent 'n Christen, wanneer jy Christus sien, jy kan herken. Hy het na daardie manne gekyk, en hy het uitgehardloop om hulle te ontmoet. Nou, hy het nie gemaak soos 'n heiden, gesê: "My Here" nie. Hy het gesê: "My Heer, kom verby, U kan bietjie onder die boom sit en rus, en ek sal 'n bietjie water gaan haal, en ek sal U voete was. Verfris Uself, en ek sal vir U 'n stukkie brood kry om te eet." Wou hulle onthaal, want onder in sy hart het hy geglo daar was iets daaraan. Hy het uitgekyk daarvoor, julle sien.

180 So hulle het gaan sit, en ek kan hom sien teruggaan na die tent, totdat hy ontmoet het, by die hooftent, het hy gesê: "Sara, sif bietjie meel." Met ander woorde: "knie die brood," julle weet.

181 En hoeveel het ooit geweet wat dit was om brood te knie? Ek onthou my mamma het altyd 'n ou groot sif gehad, en het 'n ou groot asblik gehad, ons het die meel daarin gesit. En sy het 'n wig gehad, sy sou daardie wig reg bo-oor daardie sif skraap, julle weet, en die meel deurskud om mieliebrood te maak.

En so, gegaan en gesê: "Knie 'n bietjie—bietjie meel, of, meel." En gesê: "Maak 'n paar koeke op die vuurherd."

En hy het uitgehardloop onder die trop, en ’n kalfie gevind, en dit bewerk, dit vir die man gegee, of, dit doodgemaak, en dit vir die dienskneg gegee om voor te berei.

182 En hy het weer uitgegaan en voor hulle gestaan, hy het die vleis uitgebring en dit neergesit. Nou, onthou, hulle het die vleis geëet, en melk gedrink, en die brood geëet.

183 Let op, en vir Wie het hy dit gegee? God. Dit was God, Abraham het Hom Elohim genoem. Julle broers weet dit. Elohim is die Selfbestaande Een, soos Hy begin het in Génesis 1, Elohim. Elohim, die groot EK IS, in menslike vlees, wat vleis eet, melk drink, mieliebrood eet, en onder ’n skaduboom sit, met stof op Sy klere, net ’n gewone Man. Maar Abraham het geweet dit was meer as ’n mens.

184 Twee van hulle het opgestaan en afgegaan na Sodom. Hulle het soontoe gegaan om te preek, af na Sodom. O, as jy geestelik is, sal jy dit waarskynlik begryp. Het julle opgelet? Daardie twee wat soontoe gegaan het, hulle het nie enige wonderwerke gedoen nie, net hulle oë verblind vir die deur. En die verkondiging van die Evangelie verblind die ongelowiges se oë. Maar daar was twee manne wat soontoe gegaan het om te preek, om Lot uit Sodom uit te bring.

185 Kyk na vandag, is dit nie vreemd in hierdie laaste dae nie, dat regdeur die eeu, deur Abraham se Saad-eeu, die kruispad van die kerk, ons het Moody, Sankey, Finney, Knox, Calvyn, Spurgeon, Wesley, sovoorts gehad, maar nooit, en ons het ’n Billy Sunday gehad, maar nooit het ons ooit, tevore, ’n Billy *Graham* gehad nie.

186 Let op, die Engel het Abram se naam verander na *Abraham*, gespel A-b-r-a-m, A-b—A-b-r-a-h-a-m, wat hom deel van Sy Naam, Abraham, Elohim, gegee het, omdat hy ook vader van nasies moes wees.

187 En nooit het die intellektuele kerk af deur die eeu, ooit ’n boodskapper ontvang, wat voorheen internasionaal bekend was, met ’n naam wat eindig h-a-m, nie. Sien waar dit is? Moderne Billy Graham onder in Sodom: “Kom daaruit.” Dis wat Billy Graham skree: “Kom daaruit, die einde is op hande.” G-r-a-h-a-m, nooit in die geskiedenis van die kerk nie, maar hierdie is dit. Kyk hoe ons Here daarna verwys.

188 Toe het daar een Engel opgestaan, agtergebly by Abraham. Kyk watter soort wonderwerk Hy daardie uitverkore Kerk gegee het. Hy het Sy rug gedraai gehad na die tent. Waarom het hy hom nie Abram genoem nie? Hy het gesê: “Abraham, waar is jou vrou,” nie S-a-r-r-i nie, maar S-a-r-a: “waar is jou vrou, Sara?”

189 En hy het gesê: “Sy’s in die tent agter U.” Die Bybel het gesê dat die—die tent agter die Engel was, of, die Boodskapper, ’n Boodskapper wat daar sit en vleis eet, melk drink het. Gesê: “Sy’s in die tent agter U.”

Hy het gesê: "Abraham, ek," o, persoonlike voornaamwoord, "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe, soos Ek jou belowe het."

190 Nou, ek praat net met 'n gemengde gehoor, en julle jong dames, verskoon my, as hierdie aanstoot gee, maar dis om 'n punt te maak: Nou, die Bybel het gesê hulle was albei bejaard, as man en vrou, dit het vir jare opgehou. Sien, hulle was 'n honderd jaar oud. Miskien twintig jaar was hulle nie as man en vrou nie. En Sara, in haar hart, het by haarself gelag, en gesê: "Ek, 'n ou vrou, honderd jaar oud, plesier kon hê met my heer," haar man: "weer? Wel, dit kan nie wees nie, daardie dinge was nie so met ons vir jare en jare en jare nie. Hoe kan dit wees?" En sy het by haarself gelag.

En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag, deur te sê dat hierdie dinge sekerlik nie kon wees nie?"

191 Wat het ons Here gesê? "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Wat? Die Aandligte wat aan die Heidene belowe is. Dieselfde God wat Homself daar gemanifesteer het, in 'n menslike liggaam, en verdwyn het in 'n oomblik, daardie selfde God sou Homself manifesteer in mense, menslike vlees, die vorm van die Heilige Gees, gelowige mense, in die laaste dae tydens die Aandlig. Jesus het so gesê. Wat? Aan die Heidene, die Saad van Abraham, wat baie nasies was.

192 Hulle het hulle gehad, die Engel het, die teken gedoen vir die—vir die kerkdenominasie, G-r-a-h-a-m, hy doen Sy teken. Dis reg.

193 En nou, die Engel van God in die Kerk in, uitverkore, die Engel wat uit die Hemel kom, die Heilige Gees, 'n Boodskapper, om te bewys dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, wat Hy toe gedoen het, doen Hy nou.

194 Jesus het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote." En as die lewe wat in die loot is, 'n loot voortbring, sal dit dieselfde lewe bring wat in die wynstok is. En: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na die Vader."

195 Die kerk, intellektueel, het hulle boodskapper. Die Kerk, bonatuurlik, het Sy Boodskapper, die Heilige Gees, wat optree en presies dieselfde tekens doen wat Jesus gedoen het toe Hy hier op aarde was. Wat is dan die Lig van vandag? Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

196 "Menere, ons wil Jesus graag sien." Dan wat Hy gister was, sal Hy vandag wees. Wat het Hy dit gedoen? Aan die Jode en Samaritane, nie aan die Heidene nie; maar belowe in die aandtyd aan die Saad van Abraham, sou dit dieselfde ding wees.

197 Nou, ek kan vir nog ’n uur praat, of *soveel*, daaroor, maar een Woord van Hom sal meer as tienmiljoen wees, wat ek, of enige ander prediker, sou kon sê. Nou, ons weet dis waar, dis die Skrif, dis die belofte. Maar nou, sal Hy dit doen? Dis die vraag: Sal Hy dit doen?

198 En wat is ons? Ons is in die aandtyd. Ons lewe onder die Aandligte. Onthou, dieselfde son wat in die ooste opkom, is dieselfde son wat in die weste skyn. En dieselfde s-o-n wat *daar* opkom, is dieselfde s-o-n wat *hier* ondergaan. Dieselfde S-e-u-n wat lig *daarop* gewys het, is dieselfde S-e-u-n in die laaste dag aan die Samaritane, en aan die Jode wat na Hom gesoek het, en nou na die Heidene, soos ons na Hom soek in die aandtyd. God wees julle genadig.

199 Ek weet julle moet gou huis toe gaan, julle aandetes eet, en weer teruggaan kerk toe. Onthou, ondersoek die Skrifte, bring julle papiere en skryf die Skrifte neer wat ek aanhaal. As hulle nie reg is nie, is julle—is julle net verplig om na my toe te kom en te wys. Ek wil nie verkeerd wees nie, maar ek is nie verkeerd nie, solank die Skrif sê dis *so* en God dit bevestig. ’n Man kan enigiets sê wat hy wil, dis ’n man, maar wanneer God spreek, enigiemand uitdaag om dit te betwyfel. Dis Ewige skeiding van Sy Teenwoordigheid, vir altyd.

200 Nou, wat kan ons doen? As ons kan besef en uitvind dat Jesus steeds lewe . . . Wel, ons, vandag, ons gaan na ’n diens, ons maak asof ons na ’n begrafnisdiens toe gaan in plaas van . . . ons—ons gaan—om eer te bewys aan die dooies, in plaas van om ’n Oorwinnaar te aanbid en te eer. Christus het die dood oorwin, Hy het die hel oorwin, Hy het die graf oorwin, Hy het sonde oorwin, siekte oorwin. Ons eer ’n Oorwinnaar, nie iemand wat duisende jare gelede gesterf het wat ’n goeie lewe gelei het nie, maar ’n Christus wat weer opgestaan het, en dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

201 Ek mag ’n bietjie emosioneel wees, maar as julle gevoel het soos ek het, sou julle ook emosioneel wees, want ek voel baie godsdienstig net op hierdie tyd, want ek—ek weet dat Hy lewe, en die Skrifte waar is. Omdat Hy lewe, kan julle ook lewe. “Menere, ons wil Jesus graag sien.”

202 Dan, Here Jesus, kom in ons midde in, kom in ons vlees, gaan in my predikerbroers in, in my in, in julle daarbuite, en kom net en laat ons onsself oorgee aan U, en dan tree U op en wys dat U ’n lewende Christus is, ’n Gees van God wat onder ons woon, wat U Woord uitvoer en hou, en bevestig wat belowe is.

Laat ons nou bid, met ons hoofde gebuig.

203 Here God, Skepper van hemel en aarde, die Outeur van Ewige Lewe, en die Gewer van elke goeie en volmaakte gawe, en daardie volmaakste Gawe, Here, waaraan ons kan dink, was die Gawe wat U ons gegee het, die Seun van God, en dat Hy vandag

lewendig is, vir ewig, en Hy was by die Kerk regdeur hierdie somber tyd.

204 En nou soos ons sien in hierdie dag, dat die Lig skyn in die aandtyd op die westerse mense, bewys dat U U Woord tot die letter hou, en ek bid, God, dat elke man en vrou hier vandag Dit mag ontvang, in Hom glo. Hulle wat Hom nie ken as hulle Verlosser nie, mag hulle Hom net nou ontvang, en sê: "Here, help U my ongeloof."

205 Mag diegene wat nog nie gevul is met die Gees vir diens nie, mag hulle sê: "Ja," daardie een, Ewige "ja," vir die groot Heilige Gees.

206 En ek het gelees uit U Woord vandag, Here, miskien ongeleerd en nie voldoende nie, nooit genoegsaam om die Skrifte te bring of bekend te stel nie, maar wat ek kortkom, mag die Heilige Gees byvoeg met bevestiging. Skenk dit, Here. Mag dit so eenvoudig wees dat die kindertjies dit sal sien, almal sal glo.

207 Gee dat elke persoon hier wat siek is, mag sien, en oplet, en sê: "Jesus, ons Here, is lewendig, en ek glo in Hom vir my genesing." En hulle dokters, sal sonder twyfel vir hulle dadelik sê: "Daar is *so* 'n verbetering in jou." Dan onder in hulle harte sal hulle weet dat Jesus ingegaan het om die saak oor te neem, en hulle sal gesond word. Skenk dit, Here.

208 Seën hierdie predikers wat hieragter sit op hierdie platvorm. En sonder twyfel vorm hulle baie verskillende kerke. En seën die pastoor van hierdie kerk, seën sy diakens, sy trustees, seën al die lekedom oral.

209 En regdeur hierdie vallei en hierdie prêrie, stuur 'n herlewing in elke kerk, stuur 'n herlewing aan die Anglikane, en in die Presbiteriane, en aan die Pinksters, en aan almal, Here, dat daar 'n groot besoek van God se Heilige Gees hier in Grande Prairie mag wees, dat nuus deur die provinsies sou versprei, en oor die nasies, en gebied, dat Jesus steeds lewe.

210 Ons verlang om Hom te sien, Here. En soos ons broer dit goed gestel het vanmôre, toe hy gesê het: opgekom het, het hy klaar, padwysers gevolg, gekyk na die bord, watter kant toe om na Grande Prairie toe te kom, dit was nie die bord wat hom hiernatoe gebring het nie, dit was die bord wat hom hiernatoe gewys het. So mag hulle vandag besef, soos ek die Skrifte aangehaal het: "Ons wil Jesus graag sien," mag elke persoon hier in staat wees om U te sien, Here, in die krag van U opstanding, wat onder ons lewe.

211 En wanneer ons vanmiddag vertrek, soos ek tevore aangehaal het, mag ons huis toe gaan soos hulle van Emmaüs. Hulle het heeldag saam met U gewandel, U het met hulle gepraat, die Skrifte uitgelê, maar hulle het nie herken dit was U nie, toe daardie aand, toe U gemaak het asof U sou verbygaan, en hulle—hulle by U aangedring het dat U moes inkom en by hulle bly,

O God, mag die dissipels vandag, soos Kleopas, by U aandring om by ons te kom bly, Here. En toe U in hulle plekkie van die herbergie ingekom het, en U die deure toegemaak het, en U toe iets gedoen het soos U het voor U gekruisig is, en hulle oë geopen is, want hulle het geweet dat niemand dit net so gedoen het nie.

212 Vader, ons is predikers, en geestelikes, en boodskappers van die verbond, maar ons kan dit nie so doen nie, Here. Ons kan nie die dinge doen wat U gedoen het nie, maar U kan kom en U Woord vervul wat—wat die werke wat U gedoen het, ons ook sou doen.

213 Kom dan, Here Jesus, en doen die dinge soos U dit gedoen het voor U gekruisig is, dat hierdie Christen, Godvresende mense die versekering mag hê dat ons Here nie dood is nie, maar Hy weer opgestaan het, en mag, soos Kléopas en sy vriend, van huis tot huis gaan en sê: "Voorwaar, die Here het opgestaan," ligvoet en lighartig, nie om oor hulle godsdiens te argumenteer nie, maar om te sê: "Die Here het opgestaan." Skenk dit, Vader.

214 Ons vertrou onsself toe, ons liggame, ons geeste, en alles wat in ons is, vertrou ons nou toe aan U, in afwagting om net een Woord van U te hoor, en Dit sal voldoende wees, Vader. As U net sal bewys dat U hier onder hulle lewe, dan sal hulle U glo, Here, hierdie eerlike, prêriemense, hulle sal U glo, en dan sal hulle huis toe gaan, hulle sal nie hoef te sê: "Broer Branham het *so-en-so* gedoen nie," want hulle weet ek kon nie, maar hulle sal sê: "My Here lewe, en ek het Hom lief, en ek sal Hom aanbid, en ek sal Sy kerk bywoon, en ek sal, ek—ek sal my plig as 'n Christen doen, ek sal getuig, ek sal Hom glo al die dae van my lewe." Dis waarom ons dit vra, in Jesus' Naam. Amen.

215 Het julle Hom lief? Al julle Metodiste Hom lief? Baptiste, Presbiteriane, Pinksters, Hom almal lief? Laat ons net een klein versie sing. Ek hou daarvan om Hom te aanbid nadat ek in die Woord ingekap het ensovoorts. Laat ons Hom net aanbid in 'n lied met daardie goeie ou gesang van die kerk, *Ek Het Hom Lief*. Hoeveel ken dit? "Ek het Hom lief, want. . ." Laat ons dit sing.

216 En laat ons laat. . .Moenie oplet wie langs jou sit nie, moenie probeer hê. . .Enigiets waarvan ek nie hou nie, is 'n oorgeoefende stem, wat hulle stem ophou totdat hulle gesig blou is, hulle sing nie, hulle skree net. Maar ek hou wel van goeie, outydse, hartlike sang, waar jy dalk nie in staat is om 'n wysie in 'n emmer te hou nie, maar tog, sing jy uit jou hart. Nou, jy sê: "Wel, ek's nie 'n sanger nie." Dit maak nie saak nie. Maak dan 'n vreugdevolle geluid, vir die Here. Die Skrif sê so.

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

217 Nou, terwyl ons dit weer sing, skud hande, julle, al julle verskillende denominasies en verskillendes, skud hande met mekaar, sê: "God seën julle, bly om hier in die aanbidding te wees." Wat probeer ek, doen? Die Gees van God laat beweeg onder julle. Sien?

> Ek het Hom lief (. . .?. . .)
> Op Gólgota's boom.

218 Nou, weet julle wat ons behoort te doen? Paulus het gesê: "As ek aanbid, sal ek in die Gees aanbid; as ek sing, sing ek in die Gees." So laat ons hulle albei saam doen, terwyl ons ons hande opglip en ons oë sluit, baie saggies en liefdevol in die Gees:

> Ek het Hom lief (. . .?. . .)
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop
> Op Gólgota's . . .

Nou, laat ons ons hoofde buig en dit neurie.

Nou, speel die klavier dit, terwyl ons in ons harte aanbid.

219 O Jesus, Seun van God, Roos van Saron, Lelie van die Dale, Môrester, ons is in die minderheid, Here, wanneer dit kom by getalle van die wêreld, maar soos die Skrif sê, ons het Jesus.

220 Ons probeer nie met die wêreld meeding in hulle belangrike sielkundige oefeninge nie. Ons probeer nie meer glans as hulle hê in balspeletjies en intellektuele vermaak nie, ons kan nie met hulle vergelyk nie, Vader, U het gesê: "Die kinders van die nag is wyser as die kinders van die dag." So ons weet dit, Vader, maar ons het Jesus, hulle het Dit nie.

221 En as daardie persoon hier is, vandag, wat Jesus nie het nie, en nie weet dat hulle oorgegaan het uit die dood na die Lewe nie, mag hierdie die uur wees dat hulle Hom nou sal ontvang, as hulle Verlosser, gevul word met Sy Gees, want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer, bid ons. Amen.

> Ek (. . .?. . .)
> Omdat Hy my eerste liefgehad het . . .

Hou julle nie net daarvan nie?

> O, watter gemeenskap, o, watter Goddelike vreugde,
> Net te leun op die ewige arms;
> Ek het volmaakte vrede met my Heer net hier,
> Net te leun op Sy ewige arms.

Nou, julle is so gaaf, so 'n goeie gemeente, dit is, ek weet God sal iets vir julle doen.

222 Nou, ek het net my seun gevra, gewoonlik gee ons elke dag kaartjies uit. Die kaartjie gee jou nie enige versekering van enigiets nie. Dis net om net die kaartjie te hou sodat ons . . . Ek sal julle wys in hierdie klein gemeentetjie. Hoeveel hier wil voor

gebid word, of jy 'n kaartjie het of nie? Steek jou hand op. Net regoor die geme-. . ., nou, wie gaan eerste wees? Daar het julle dit. Sien? Jy moet 'n manier hê om hulle in die ry te hou.

223 Nou, sien, ek. . . Watter letter? A. A, een tot vyftig. Goed. A, nommer een tot nommer vyftig is waar ons begin bid vir die siekes. [Leë kol op band—Red.]

Ek ken nie die seun nie. Ek het hom nog nooit gesien nie. Ek sal my rug op hom draai, soos ek met julle gepraat het oor daardie ding vanmiddag.

224 Meneer, ek ken jou nie. As ons vreemdelinge vir mekaar is, steek jou hand op. En ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, nie meer as wat jy hiernatoe geloop het nie. Nou, ek het my rug na julle toe.

225 Maar om die mense, die gemeente te laat sien (as Hy dit sal doen) dat Hy Sy belofte hou: Soos Hy toe in die vlees gekom, en Homself aan Abraham gemanifesteer het, kom Hy in sy vlees in wat Hy verlos het, en manifesteer Homself aan Abraham se Saad. Verstaan julle dit?

Nou, die God van die Hemel weet, ek ken nie die man nie.

226 Nou, ek neem elke. . . Hier is Hy, Hy's nou hier. Ek neem elke gees onder. . . hierbinne, onder my beheer in die Naam van Jesus Christus. Daardie Vuurkolom wat julle in die foto sien, Hy is nie twee voet van waar ek nou staan nie.

227 Nou, laat die man wat agter my is, net bid, sê: "Here," of wat ook al verkeerd is, hy mag siek wees, hy mag finansiële probleme hê, ek—ek weet nie. Wat dit ook al is, laat die Heilige Gees die Woord van God net hier voor julle bewys.

228 Nou, God van die Hemel, dis in U arms, in U hande, ek is net U dienskneg. En laat dit bekend word dat U God is en ek U Boodskap waar en rein bring. Ek het U geëer, Here, nou, eer die Woord wat ek gepreek het. Ek vertrou myself toe aan U in die Naam van Jesus Christus, dat hierdie mense mag weet dat U God is en ek U profeet is.

229 Die man wat agter my staan, bid nie vir homself nie, hy bid vir iemand anders, en dis 'n kind, die kind is nie hier nie. Die kind ly aan 'n breuk. As jy sal glo met jou hele hart, sal die breuk die kind verlaat. Is daardie dinge reg? As dit is, steek jou hand op. Gaan dan en glo en ontvang waarvoor jy gevra het.

230 Ek wil met jou praat, jy's 'n vrou. Jesus het eenkeer 'n vrou by die put ontmoet. Hierdie is ons eerste ontmoeting, veronderstel ek, in die lewe, ons ken nie mekaar nie. Hierdie. . . Jy's baie jonger as ek, en ons is waarskynlik myle uitmekaar gebore, jare uitmekaar, en hier is ons eerste ontmoeting. Nou, Jesus het eenkeer 'n vrou ontmoet, ek is nie Hy nie, jy is ook nie sy nie, maar dat Sy Woord vervul mag word, om die mense te laat sien dat—dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. . .

Iemand in die gehoor, iets het in die gehoor gebeur. Ek moet dit net volg, dis 'n . . . Ek sien die Lig, dis 'n visioen, dit beweeg net uit.

231 Ek ken julle nie, soos ek gesê het. En Jesus het 'n vrou ontmoet in 'n panoramatjie soos *hierdie*, en Hy het 'n paar minute met haar gepraat om die geheim van haar hart te vind, en Hy het haar vertel wat haar probleem was. En sy het gesê, vinnig: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel."

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat praat."

232 En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my gesê het wat verkeerd was," wat die dinge wat sy gedoen het. Gesê: "Is dit nie die einste Messias nie?"

233 Nou, dame, vanmiddag, ek ken jou nie, jy ken my nie, of, ek, dan as die Heilige Gees dieselfde bly, wat in Jesus was, in ons is, omdat God in Christus die wêreld met Homself versoen het, sien, Hy was die Seun van God, en ons is aangenome seuns en dogters van God, en as Hy my iets sal vertel wat jy gedoen het, iets wat jy beplan het om te doen, iets waarvoor jy hier is, 'n siekte, of—of iemand waarvoor jy gebed wil hê, of iets, sou dit jou laat glo en geloof hê?

Sou die res van die gehoor glo? Ken julle die vrou, enigiemand? Goed.

234 Nou, moenie bang wees nie. Jy's 'n Christen, want ek voel jou vibrasie van jou gees. Sien? Jy's 'n Christengelowige, jy het niks om oor bekommerd te wees nie. Wees net nederig, glo. Een ding waaraan jy ly, is 'n senuweetoestand, jy's uiters senuweeagtig. Dit is reg. En jy het 'n damesprobleem, 'n vroulike probleem, gesakte kliere. Dis waar.

235 Ek het dit nie geraai nie. Ek het probeer vind waar dit vandaan gekom het. Ek het dit nie geraai nie, dis geen raaiskoot nie, dis waarheid. Is dit die waarheid, dame? Steek jou hand op.

236 Laat ek sien, ek weet nie eens wat ek gesê het nie, enigste manier wat ek sal weet, is om die bandopname te kry. Dis salwing, jy's in 'n ander wêreld, 'n ander dimensie.

237 Ja, hier kom sy, ek sien haar, veral- . . . dis 'n senuweetoestand, sy ly daaraan, veral laat in die aand wanneer sy baie moeg is, dan word sy baie moeg. En, ja, ek sien die ondersoek wys sy het 'n—'n dame se probleem gehad. Dis reg. Sy het ook, sy het 'n—'n galblaastoestand, en sy het hartprobleme, dis 'n senuweeagtige hart. Daardie dinge is waar, is hulle nie? Dis reg.

238 Iemand anders wat jy ook genees wil hê, is dit nie? Dis jou man, wat net hierbuite sit. Glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met hom? As ek sal, dink julle hy sou dit aanvaar as sy genesing? Jy sou? Dan sal die asmatiese toestand hom verlaat. Jy

doen dit beslis. Gaan, glo nou. Moenie twyfel nie, Jesus Christus sal jou gesond maak. God seën jou.

Glo julle nou met jou hele hart? Hê net geloof, moenie twyfel nie.

Aangename kennis?

239 Daar ver agter, aan die agterkant, wat daaragter sit, die dame wat aan galstene ly. Dit het jou toe verlaat, dame, sodat jy kan gaan en gesond wees. Jesus Christus maak jou gesond.

240 Ek ken julle nie, ons is vreemdelinge vir mekaar. As God vir my sal verduidelik wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is, en glo dat Hy lewe? Ek wil hierdie ding vir jou sê, jy is—jy is bewus dat iets aan die gang is, 'n baie soete, nederige gevoel. As dit reg is, steek jou hand op sodat die gehoor dit kan sien.

241 Ek kyk reguit na hierdie Lig. As julle broers hier kan sien, kyk tussen my en haar, sien daardie soort van smarag-kleurige Lig, beweeg? Nou, hier, die vrou beweeg weg van my af.

242 Ja, sy het 'n vergroeisel, en die vergroeisel is aan die linkerkant, by die bors, onder die linkerbors. Dis SO SPREEK DIE HERE. Glo in Hom met jou hele hart, jy kan genees word. Het jy geloof? Glo jy met jou hele hart? Moenie nou twyfel nie, hê net geloof, sê: "Ek glo wel."

243 Kry hoofpyne, kry jy nie? Het jy 'n gebedskaartjie? Ja. Jy het dit nie meer nodig nie. Ek ken jou nie. As dit reg is, steek jou hand op. Wat het jy aangeraak?

244 Ek vra julle, wat het sy aangeraak? Sy's twintig voet van my af, of dertig. Sy het my nooit aangeraak nie, maar sy het daardie Hoëpriester aangeraak wat aangeraak kan word deur die gevoel van haar swakhede. Dis waarom sy genees kan word, omdat sy glo. Ek daag julle uit om dit te glo. Kyk wat gebeur.

245 Hierdie die dame, die . . .? Aangename kennis, dame? Ons is ook vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. God ken ons albei, is dit reg? Glo jy dat God albei van ons ken?

Wat praat jy, Noorweegs? Kom hier. Enigiemand wat Duits is? Waar is daardie Duitse broer? Praat jy Duits? Ja?

Is ons vreemdelinge vir mekaar? (Nee, jy—jy sê dit vir haar, in Duits, sien.) Ek ken jou nie.

246 Ja . . .? . . . Ja, meneer. Dis alles reg. Net 'n oomblik. Nou, kyk vir die visioen. Kan jy sê: "visioen"? As ek 'n visioen sien, vertel jy haar, haar probleem, sodat sy glo. As ek . . . Sy wil—sy wil—sy . . .? . . . Is sy 'n Dui- . . .? Praat jy Duits? Goed. Net 'n oomblik. Ja. Sien, wat die visioen is. Nou, jy moet dit baie vinnig vang, want dit verlaat my. Nou, sê jy net wat ek sê. Sien? So sy sal . . . Sê jy dit in Duits.

247 As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Indien wel, steek jou hand op. Jy ly . . . (Vang dit nou, wag tot ek dit weer vang. Sien? Huh? Laat ons dit vang soos dit kom, want ek moet dit sê net soos ek dit sien. Sy was . . . Ek was net reg, maar die visioen het my net 'n oomblik gelaat.) Sy het maagprobleme en dis van 'n senuweetoestand. 'n Senuweetoestand veroorsaak die maagprobleem. (Sê dit nou.) Hoe sou ek dit weet wanneer ek nie eers jou eie taal kan praat nie? God openbaar dit aan my.

Daar's iets op jou hart. Jy wil hê iemand anders moet voor gebid word, dis jou man, dis in sy ore, hy is nie hier nie, maar as jy sal glo!

Nou, verstaan sy Engels!

Nou, jy kan gaan en dit ontvang in Jesus' Naam, en kry waarvoor jy vra.

248 Nou, wat daarvan? Sien, toe die Goddelike interpretasie gekom het, het sy in die kanaal geval. Dit sou kom . . . Ek het gedink miskien sou dit dit doen, sodat julle kan sien dat God julle enige soort taal kan laat verstaan wat julle wil. En terwyl ek in die visioen was, sonder om te weet wat ek gepraat het, het sy dit toe in Engels verstaan. Sien? Daar was dit, die . . . O, is Hy nie werklik nie? Nou, dit is ons Here Jesus, Wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

249 Sit net jou hand op myne. Glo jy met jou hele hart? Dan sal die diabetes jou verlaat, en jy kan huis toe gaan, gesond wees. Ja, uh-huh. Hê geloof in God.

250 Toe jy daar gestaan het, namens my gepraat het, was jy kreupel met artritis, jy kon skaars opstaan in die oggend. Ek het 'n moeilike tyd gehad, dis wat my gemaak het, tussen die visioen, jy het soveel geloof gehad, jy het dit die heeltyd van daardie vrou afgetrek. Daardie artritis wat jy gehad het, vergeet dit, gaan aan, jy gaan reg wees en gesond wees. God maak jou gesond.

Wel, die rug is nou reg, jy kan huis toe gaan, gesond wees. Jesus Christus maak jou gesond.

Nou, het jy nie regtig goed gevoel toe ek dit gesê het nie? Want jy het dieselfde ding gehad, en jy is op dieselfde tyd genees.

Kom ons sê: "Prys God, Wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus."

En weer dieselfde ding. Ek sê! 'n Rugtoestand! Prys die Here. Gaan glo, met jou hele hart.

251 Nou, jy ly aan 'n senuweetoestand hierdie keer. Almal, hulle probeer, sê vir jou: "Ruk jou reg," maar jy kan nie, daar's iets wat jou bang maak en jou bekommer. Ek lees nie julle gedagtes nie, maar julle kan nou nie julle lewe wegsteek as julle moes nie, julle sien. Maar jy het 'n plek probeer vind waar jy kan begin, sê: "Net van *hier* af, sal ek begin, van *hier* af." Is dit reg? Jy's op die plek

net nou. Glo in die Here Jesus Christus, die senuweeagtigheid sal jou verlaat. Gaan, en word gesond in die Naam van Jesus Christus.

252 Jy staan voor 'n operasie vir 'n gewas. Glo jy dat God die gewas kan genees, dit van jou skouer kan afhaal, en jou gesond maak? Op jou linkerskouer. Gaan en glo, en dit sal jou verlaat.

Kom ons sê: "Prys die Here."

Artritis. Glo jy met jou hele hart Hy sal jou gesond maak en jou genees? Gaan, met geloof in God, en God sal dit vir jou skenk.

253 Nou, toe jy hiernatoe gekom het 'n paar oomblikke gelede, en ek jou moes roep, was jy 'n bietjie moeg. Ek wou nie hê jy moet moeg wees nie, want 'n persoon met hartprobleme behoort nooit moeg te wees nie, maar jy het dit nou nie meer nie, Jesus maak jou gesond, so gaan net op jou pad.

Glo julle daarbuite met julle hele hart?

254 Wat van die dame wat hier sit met spatare, wat na my kyk? Glo jy dat God jou sal gesond maak, dame? Aanvaar jy dit? Steek jou hand op as dit reg is. Glo dit. Hê geloof in God.

255 Die dame wat daaragter sit met probleme met haar been, glo jy God sal die ledemaat genees, jou gesond maak? As jy dit glo, aanvaar dit net en sê: "Dankie God," jy kan dit kry.

256 Ek daag elkeen van julle uit in die Naam van Jesus Christus, om te glo dat dit God is wat die teken wys dat Hy steeds Messias is. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Glo julle dit? Steek julle hande op.

257 Nou, ek gaan vir julle Sy Woord aanhaal. Hier's wat Hy gesê het. . . Nou, Hy's teenwoordig, ek kan nie daardie dinge doen nie. Ek word swak, ek kan julle nou net skaars sien, sien, want dit vervaag net. As een van daardie. . .

258 'n Vrou het Sy kleed aangeraak en wat het gebeur? Hoe. . .? Wat dink julle sou dit doen, Hy die Seun van God, en my 'n sondaar gered deur genade? Daniël het een visioen gesien, was deurmekaar in sy kop vir baie dae. Is dit reg, broers? En dit bring jou by 'n punt waar. . . En ek's swak, in elk geval, van ses maande aan die gang.

259 Nou, Hy's hier. Die Christus van God is hier. Is daar 'n een hier wat nie 'n gelowige was tot hierdie tyd nie, hulle hande sou wou opsteek en sê: "Broer Branham, bid vir my, ek glo nou in die Here Jesus Christus met my hele hart en aanvaar Hom as my Verlosser"? God seën jou, daaragter, dame. Sou daar nog een wees? God seën julle. God seën jou, meneer. God seën julle, daaragter. Onder deur die middelpaadjie?

260 "Ek nou, in die Teenwoordigheid van 'n herrese Christus, voor Wie ek sal staan by die Oordeelsdag!" Onthou, julle sal staan voor die einste Gees wat nou hier is, by die Oordeelsdag,

om rekenskap te gee van wat julle vanmiddag gedoen het. Sal julle Hom ontvang? Sal julle Hom ontvang?

261 Enigiemand in hierdie linkerpaadjie hieronder? Steek net jou hand op, sê: "Ek was 'n kerklidmaat. Ek is nooit regtig wedergebore nie, ek weet nie wat dit beteken om 'n ten volle toegewyde Christen te wees nie, maar nou wy ek my lewe toe aan Hom. Ek wil 'n Christen wees, terwyl Sy Teenwoordigheid hier is, en weet."

262 Julle sê: "Wat is . . . Hoe weet ek?" Jy weet? Dit is Wie met jou praat, net nou in jou hart. Daardie . . .

61-0516A Jesus Christus Dieselfde
Gister, Vandag En Tot In Ewigheid

Zion Evangelie Tabernakel

Grande Prairie, Alberta Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org